Eer aan Jahweh,
onse lof en ons lied.

KOOR

Ere aan Jah,
ons Meester en Beminde
woon ook in ons deur
Sy Woord en Sy Gees.
Gee ons die Liefde,
geloof en vertrou,
om U gehoorsame
kinders te wees.

Heiland aan U al ons dank
en aanbidding.
U't ons kom soek en van
sonde gered.
Deur U verdienste kom ek

na die Vader,
word ek Sy kind en hoor
Hy my gebed.

KOOR

Maak ons o Gees, U
getroue getuies
wat graag U boodskap
van Vrede sal dra.
Heilig is Jah, maar in
Jahshua genadig.
Hul sal U vind
wat opreg na U vra.

KOOR

Jahshua is Koning, in
hemel, op aarde.
Niks wat Sy aandag, Sy
Almagt ontgaan.
Vors van die Lewe, wat
heers in ons harte,
vas bly Sy Ryk tot in
ewigheid staan.

KOOR

50. EK HEF MY STEM

Ek hef my stem
In lofsang tot U Naam.
Ek hef my hart,
want U is hier tesaam.
Kom vul my hart,
Koning Jahshua,
doen dit meer,
sodat my lippe-taal
U kan vereer.

KOOR 1: (x2)
***Dan sing ek HalleluJah,
HalleluJah, lof en
Eerbied aan U Naam***

Ek wil so graag
my loflied tot U bring.
Ek is 'n kind,
met soveel twyfel.
Daarom pleit ek,
Koning Jahshua,
woon in my
Sodat my lewe
U sal kan besing.

KOOR 2:
Dan sing ons HalleluJah,
HalleluJah,
lof vir ewig aan U Naam!
Dan sing ons HalleluJah,
HalleluJah,
U's die Koning,
Groot van Naam

U bied ontferming
aan U kinders, Jah,
U gee oorfloedig
voordat ons kan vra.
Ons wil U prys,
die loflied aan U wy,
sodat ons lewe
in U kan gedy.

KOOR 1

51. EK HET DIE BESTE VRIEND

Ek het die beste Vriend,
Jahshua is myn,
Sy Liefd' is onverdiend,
Jahshua is myn.
Wyk van my wêreldsgoed
daar's rus in my gemoed.

Vrede deur
Jahshua's Bloed
Jahshua is myn!

52. EK HET U GESÊ

Ek het U gesê
Ek het U lief Jahweh
Dit kom uit my hart
want U verdryf alle smart
Dis waarom ek sing
dis tot eer van U naam
U is getrou Jahweh
U kom ons weer haal

53. EK HET U HARTLIK LIEF (bekende wysie)

Ek het U hartlik lief Jahweh!
U is my sterkte, teëweer.
Jahweh's my Rots,
My vesting, sterk,
My Redder wat my heil
bework.
My lamp brand in die
donker uur,
Jahweh't my
donker opgeklaar.
Met Hom storm
ek 'n leërskaar
en met Hom
spring ek oor 'n muur!

Jahs weg is gans
volmaak soos Hy,
Sy Woord van al wat
smet is, vry.
Soos goud gelouter
sewe maal,
Hy is 'n Skild van
Keur metaal
vir almal wat op
Hom vertrou,
want wie's daar buiten
U, Jahweh! U is die Rots,
geen ander meer,
op wie ons altyd
weer kan bou.

54. JAHWEHSHUA, JISRAEL SE KONING

(Wysie: Liefste Madelein)

JaHWeH'shua,
JisraEL's Koning,
O, hoe smag ons na U;

Goeie Vader.
Ons verlang na U
Glansryke Wese;
Stuur aan ons hierdie
Trooster so gou.

KOOR

*O hoe salig,
o hoe wonderlik,
Moet U Koninkryk wees,
JaHWeH'shua.
O, hoe glansryk
en groot is U Wese,
O JaHWeH,
U die Groot Elohim.*

Ons vereer U,
Ons aanbid U,
Ons buig laag
in aanbidding neer
voor U.
U JaHWeH, Elohey
van ons vaders;
O hoe strekend is
U mooie Naam.

KOOR

U's ons Vesting,
JisraEL's Koning.
U's ons Rots wat ons
ewig besing.
U's ons Losser,
wat vrede weer bring.
U's ons EI,
U gee ons ewig
skuiling.

KOOR

55. EK HOOR DIE WATERSTROME

Ek hoor die waterstrome val,
so wonderskoon (x2)
Eens sal ek van blydschap
huppel, huppel, huppel
aan die einde van my reis.

KOOR

*O, HalleluJah, HalleluJah,
Jahshua's koms is voor
die deur.*

*HalleluJah, HalleluJah,
Jahshua's koms is voor
die deur.*

*Geloof, wankel nie,
wankel nie vertrou Jahweh.
Geloof, wankel nie,
vertrou Jahweh.
Geloof, geloof,
geloof en wankel nie.*

Steek af waar dieptes is,
verlaat die vlakke kus.
Seil uit, seil uit, na die
God'like see,
daar waar Jahs
volheid rus

KOOR

56. EK IS UWE JAH

Ek is Uwe Jah,
het U stem gehoor,
van U Liefde meld dit my
en ek strewe steeds
deur geloof om hoog,
altyd naby U te bly.

KOOR

*Trek my nader, nader,
nader dierb're Jah,
deur U kruisdood, ook vir my
Trek my nader, nader,
nader dierb're Jah, na U eens
deurboorde sy.*

Sonder my nou af,
tot U diens, o Jah,
deur U Liefde en U Krag.
As my wil aan U
oorgegewe bly.
Sal dit heerlijk'vrugte dra.

KOOR

O, die reine vreugd'
In 'n enk'le uur
as ek nader tot U Jah,
as my wil aan U
oorgegewe bly.
Sal ek heerlijk' vrugte dra.

KOOR

57. EK IS BLY EK BEHOORT

***Ek is bly ek behoort
aan Jahshua (x3)***

HalleluJah! Prys Jahweh!
Prys Jahweh!

Amen, Amen (x6)

HalleluJah! Prys Jahweh.

58. EK IS DIE WYNSTOK

Ek is die Wynstok
en julle die lote
Wie in My bly
en Ek in Hom;
hy dra veel vrug (x2)
sonder My kan
julle niks doen nie.

59. DIE BRUIDEGOM KOM

Die Bruidegom kom
om ons te kom haal
Wie sal dan gaan
en wie sal bly staan?
Die Bruidegom Kom,
Kom vir Sy Bruid
Maak Vol! Maak Vol
jou kruik!

KOOR

HalleluJah Jahshanna! (x3)
Hy kom om ons te haal!

Wie sal dan staan
op die Rots van die Eeu?
Wie sal dan staan
by die Lam en die Leeu?
Wie sal dan staan
wanneer Yahshua kom?
Staan vas!

Vertrou op Hom!

KOOR

Hy kom om ons te haal!

60. EK IS TOT ALLES IN STAAT

EK IS tot alles in staat,
EK IS (x3)
Deur Jahshua
wat My Krag gee.

61. EK IS VRY

Ek is vry, vry, vry;
Jahshua maak my vry.
Eers was ek blind
maar nou kan ek sien
want ek is vry, vry, vry.

62. EK KAN HOOR MY HEILAND ROEP MY

***Ek kan hoor my Heiland
roep my (x3)***
Neem jou kruis en
volg My, volg My na!

KOOR

***Waar Hy lei daar sal ek
meegaan (x3)***
*Gaan ek met Hom,
met Hom, tot die end.*

***Lei Hy my soms deur
beproeving (x3)***
gaan ek met Hom, met
Hom tot die end.

KOOR

***Op my pelgrimsreis op
aarde (x3)***
gaan Hy met my, met my
tot die end.

KOOR

63. EK KYK OP NA DIE BERGE

Ek kyk op na die berge,
van waar sal my hulp kom?
My hulp kom van Jahweh,
Hy's ewig, het nooit berou.
Jahshua is my Herder,
op Hom sal ek vertrou.

KOOR (x2)

***Van waar sal my hulp kom?
My hulp kom van Jahweh***

My Toevlug en my Vesting.
my Rots waarop ek bou.
Ek sal nie vrees vir onheil
wat in donker lê en loer.
Jah is my beskutting,
Hy red my uit in nood.

KOOR

64. EK LOOF U, JAHWEH

Ek loof U, Jahweh,
met al my krag,
my hart wil jubel
soos ek op U wag.

My siel verheug haar,
U maak my so bly.
My gees vereer U,
want U't my bevry

Ek eer U Jahweh,
U maak my so bly.
Vir U, my Liefde,
sal ek altyd stry.

Ek juig en ek jubel
en bring U die eer.
Jah, HalleluJah
aan U nog 'n keer.

O, Sion, verbly jou,
Jahweh kom weer terug.
Hef op julle hande
na Immanuel se Lig

Jah, HalleluJah,
ons sal op U wag
Jah, HalleluJah,
U gee ons die Krag. (x2)

65. EK SAL SING

Ek sal sing van my
Verlosser
en Sy wonderliefd' vir my.
Aan die wrede kruishout
sterf Hy,
van die vloek maak Hy
my vry.

KOOR

*Sing, o sing van my
Verlosser,
met Sy Bloed verlos Hy my!
Aan die vloekhout
doen Hy versoening
dra my skuld
en maak my vry!*

En nou prys ek
my Verlosser;
Sy oorwinningskrag is groot!
Hy maak ons ook
self oorwinnaars
oor die sonde, hel en dood.

KOOR

66. EK SELF SAL MY VOLK

Ek self sal My volk
uit die nasies gaan haal,
en Ek sal hul bring
in hul land.
Die volke sal weet,
dat Ek Heilige heet,
as Ek My in My Volk
openbaar.

KOOR

*Ja, Ek sal (Ja, Ek sal)
spreek Jahweh, (spreek
Jahweh)
Ja, Ek sal, Ja, Ek self sal
dit doen.*

Ek sal oor hul uitgiet
'n reinigende vloed,
My Gees in hul
binneste gee.
My Wet en My Wil,
in hul harte inskryf
en My volk, My erfdeel,
sal hul wees.

KOOR

My volk sal die lof van
haar Maker vertel.
Die skepping sal juig
tot My eer.
Breek uit in gejubel,
o berge en bos,
want Jahweh sal
Jakob verlos.

KOOR (x2)

67. EK SIEN 'N NUWE HEMEL KOM

Ek sien 'n nuwe
hemel kom,
'n aarde nuut en vry.
Die see en al wat skei,
verdwyn,
Jahweh kom by ons bly.

Die nuwe stad,
Jerusalem,
daal uit die hemel neer;
Scoon soos 'n bruid
in heerlijkheid
geliefde van Jahweh.

Jahweh droog al die
trane af,
verby is droefheid, dood.
Ja, pyn en smart
wyk uit die hart
ons moeite angs en nood.

'Kyk, Ek maak alles nuut'
sê Jah.

'Laat hom wat dors het,
kom.

En hy sal vind, hy is My
kind,
Ek is 'n El vir hom!'

Oorwinnaars sal ons
alles erf
en drink uit die fontein
van Lewenswater,
heerlik, rein,
Jahweh sal oor ons skyn.

68. EK SIEN 'n POORT

Ek sien 'n poort wyd ope staan
en deur die aardse duister
bestraal U Lig my lewensbaan
met wonderskone luister.

KOOR:

*Genade Jah,
so ryk en vry,
die poort staan ope
ook vir my, vir my, vir my,
staan ope ook vir my!*

Die ope poort lei tot
Jahs troon,
hou moed al dreig
die vyand,
aanvaar die Lig en win
die Kroon,
die gawe van die Heiland!

KOOR

Aan gindse sy
verdwyn die kruis
hier, tot ons heil gegewe.
Dan dra ons in
die Hemel huis
die Kroon van
Eew'ge Lewe.

KOOR

69. EK WAT VERGIFNIS

Ek wat vergifnis, Jah,
ontvang het,
sing dankbaar my
verlossingslied.
U weet hoe ek na U
verlang het
U het U guns my
aangebied.

KOOR (x2)

***Ek loof en prys U
deurentyd (x2)
En roem U groot
barmhartigheid.***

Ek was verlore
in my sonde
en van die goeie
weg vervreem
Tog doen Jahweh

aan my die wonder
om my as kind
terug te neem.

KOOR

O El wat ryk is
aan ontferming,
Weerhou genade
nooit van my,
maar hou my steeds
in U beskerming
by U sal ek vir altyd bly!

KOOR

70. EK WEET JAHWEH

***Ek weet JaHWeH
maak 'n weg vir my (x2)***
as ek net apart bly leef,
leuens haat,
na goedheid streef.
Ek weet JaHWeH maak
'n weg vir my!

Vervang 'ek' met 'ons'

71. EK WIL JAHSHUA LOOF

***Ek wil Jahshua loof,
HalleluJah (x2)***
Met my hele hart
wil ek U loof!

***Ek wil Jahshua prys,
HalleluJah (x2)***
Met my hele hart
wil ek U prys!

***Ek wil Jahshua dien,
HalleluJah (x2)***
Met my hele hart
wil ek U dien!

***Ek het Jahshua lief,
HalleluJah (x2)***
Met my hele hart
het ek U lief.

***Ek wil Psalmsing,
HalleluJah (x2)***
Met my hele hart
wil ek Psalmsing.

72. EL IS LIEFDE

'El is Liefde!', juig ons harte
en bedink wat Liefde doen:
dat Hy ons Sy Seun
gestuur het om ons sonde
te versoen.

Hy wat eerste liefgehad het,
het in Liefde ons vergeef
nou kan ons,
uit El gebore,
uit die Bron van Liefde leef!

Deur Sy Gees,
die wondergawe,
laat Hy wederliefde spruit
en die liefde wat volmaak is
dryf die vrees en selfsug uit.

As ons Vader in Sy Liefde
dan die sondaar
maak tot kind,
mag Sy Seun
al meer gestalte
in ons doen en late vind!

73. ELKE EEN SAL DIT NOG WEET

***Elke-een behoort te weet (x3)
wie Jahshua is!
Elke-een behoort te weet (x3)
wie Jahshua is!***
Hy's die Lelie van die velde
Hy's die Blinkend Môrester.
Hy's die Skoonste
van tienduisend,
Elke een sal dit nog weet!

***Elke een sal dit nog weet (x3)
wie Jahshua is!
Elke een sal dit nog weet (x3)
wie Jahshua is***
Hy's die Leeu
wat kom van Dawid,
Hy's die Grote Vredevoers,
Hy's die Koning
van die heelal,
Elke een sal dit nog weet!

74. GAAN MY NIE VERBY

Gaan my nie verby,
o Heiland.
Gaan my nie verby!
Wyl U ander seën Heiland,
seën nou ook my.

KOOR

*Jahshua, Heiland,
wees my nou naby,
wyl U ander seën Heiland,
seën nou ook my!*

In U Lig en Liefde, Heiland,
U beeld in my verseël:
In die hemel en op aarde
bly U steeds my deel!

KOOR

75. GEANKER IN JAHSHUA

Geanker in Jahshua,
Ek sal die storms staan.
Geanker in Jahshua
as golwe oor my slaan.
Geanker in Jahshua
met krag doen Hy my aan.
Geanker in die Rots
van die eeue.

76. GEDURIG DORS MY SIEL

Gedurig dors my siel
na U Jahweh;
Kom met U liefde stem
en voed my weer.

KOOR

*My siel, Jah, het U nodig
na U verlang my hart.
O seën my, my Heiland
en woon in my hart.*

Elk' uur, elk' oomblik
Jah, wees U naby.
Versoeking het geen krag
met U by my.

KOOR

Elk' uur, elk' oomblik
Jah is U my deel
en aan U diens wy ek
my hart geheel.

KOOR

77. GROOT JAHWEH, AAN U DIE EER

Groot Jahweh, aan U die eer!
Heerlik is waar U regeer;
hemels is U Majesteit;
heilig U Geregtigheid.
U wat alles onderhou,
U is ewig en getrou.

In genade, groot en ryk,
bou U, Jah, U Koninkryk.
Voordat ek kon kies,
kon vra, het U Seun
my vloek gedra.
Ek kon vind: U't my gekry
voor ek nog
my skuld bely.

78. HEERLIK NET TE WANDEL

*Heerlik net te wandel
met Jahweh, (x2)*
Want Hy lei my voete reg
op die steilte van die weg,
heerlik net te wandel
met Jahweh.

*Heerlik net te volg
waar Hy my lei. (x2)*
Ook in donker tye swaar,
lei Hy veilig deur gevaar.
Heerlik net te volg
waar Hy my lei.

Net maar wandel in Sy spoor
Met Sy woorde in my oor.
Net maar luister na Sy stem
en Sy Wil in al my weë ken

Net maar opkyk in geloof,
onse Jahshua eer en loof
Net maar ag gee op Sy Wet
dat ons al Sy siele
so kan red.

Net maar vashou
wat ons het,
waak en stry in die gebed
As ons volhou en oorwin,
lei Hy ons
die skone Kanaän in!

79. HEIL AAN DIE KONING

*(Sing eers stadig, dan
normaal, dan vinnig)*

*Ere aan die Koning
van die Konings! (x2)*
Jahshua is Sy Naam
Jahshua is Sy Naam
Hy leef in ewigheid!
HalleluJah (x6)

Hy leef in ewigheid.

80. HEIL'GE JAHWEH

*Heil'ge Jahweh
ons vereer U ons El. (x2)*
Ons bemin U, aanbid U,
buig laag neer voor U.
Heil'ge Jahweh
ons vereer U ons El.

*Hemelvader ons
waardeer U ons El. (x2)*

Ons vereer U, aanbid U,
Buig laag neer voor U
Hemelvader, ons
waardeer U ons El.

81. HEILIG, HEILIG, HEILIG

Heilig, Heilig, Heilig
Jahweh Almagtig,
groot is U troon,
U is steeds met lof omring!
Heilig (x3)
Liefderyk genadig,
U troon is steeds
met Lig en lof omring.

Heilig (x3)
Jahweh so weldadig,
groot is U Naam
U die Vader, Seun en Gees.
Groot Jahweh, ons eer U
met U hele skepping,
U was en is
en sal vir ewig wees.

82. HEILIG IS DIE NAAM

Heilig is die Naam (x3)
van ons Losser.

Heilig is die Naam (x3)
van ons Losser.

Jahshua is die Naam (x3)
van ons Losser.

Jahshua is die Naam (x3)
van ons Losser.

Lofsing nou die Naam (x3)
van ons Losser.

Lofsing nou die Naam (x3)
van ons Losser

83. HEILIG IS U HEERLIKE NAAM

Heilig is U heerlike Naam,
Heilig is U lieflike Naam,
Heilig is U glansryke Naam,
U NAAM IS JA-H-WEH.

Waardig is U heilige Naam,
Waardig is U lieflike Naam,
Waardig is U glansryke Naam
U NAAM IS JA-H-WEH.

Verhewe is U heerlike Naam
Verhewe is U lieflike Naam
Verhewe is U glansryke Naam
U NAAM IS JA-H-WEH.

84. HOU DIE OË OP JAHSHUA

Hou die oë op Jahshua,
ons Vriend,
ons Verlosser en Man.
Alle aardse dinge
word nietig en klein
by Sy Heerlikheid,
Liefde en Lig!

Bly volhard soos atlete,
Dis EL wat die wedloop
bepaal.
Daar's 'n skaar verlostes
wat wag om die baan
dat ons almal
die wenpaal sal haal.

Elke las moet ons afgooi,
die sonde wat
maklik verstrik;
dat ons Jah se pad
met volharding kan loop;
dis die pad na
die ware geluk.

Hou die oë op Jahshua,
ons Vriend,
ons Verlosser en Man.
Alle aardse dinge
word nietig en klein
by Sy Heerlikheid,
Liefde en Lig!

85. HOU MY TROU

**Hou my trou, Jahshua,
hou my trou! (x2)**

Daar's 'n stryd
wat ek moet stry,
daar's oorwinning te verkry!
Gee my krag, elke dag,
hou my trou!

**'K het U lief, Jahshua,
baie lief! (x2)**

U't my eerste liefgehad
met 'n liefde
sonder maat, 'K het U lief,
o Jahshua, baie lief.

**Hou my laag, Jahshua,
baie laag! (x2)**

Dat die strome deur kan vloei
na my naaste, nog geboei.
Hou my laag, o Jahshua,
Baie laag

**Skep in my, Jahshua,
'n rein hart! (x2)**

En 'n vaste gees in my
dat ek volheid kan verkry.
Skep in my, o Jahshua,
'n rein hart.

**Heilig my, Jahshua,
Heilig my! (x2)**

Dat U beeld al meer in my
tog gestalte kan verkry.
Heilig my, o Jahshua,
heilig my.

**'K wil U dien, Jahshua,
altyddeur! (x2)**

U't die weg vir ons vertel
en die voorbeeld
Self gestel, 'k wil U dien,
o Jahshua, altyddeur.

86. HY LEEF, HY LEEF, HY LEEF

Hy leef, Hy leef, Hy leef vir
ewig meer.

Ja Jahshua leef vandag,
Hy leef vir ewig meer.
Hy leef, Hy leef, Hy leef vir
ewig meer,
My Jahshua leef vandag!

**Sing HalleluJah! (x2),
My Jahshua leef,**

Hy leef vir ewig meer.
Sing HalleluJah! (x2)
My Jahshua leef vandag!

Hy leef, Hy leef,
Hy leef hier in my hart.
Jahshua leef vandag,
Hy leef hier in my hart.
Hy leef, Hy leef,
Hy leef hier in my hart,
Jahshua leef vandag.

KOOR

**Sing HalleluJah (x2),
Jahshua leef,
Hy leef hier in my hart.**

**Sing HalleluJah (x2),
Hy leef hier in my hart!**

87. HY LEEF, HY LEEF

Hy leef, Hy leef,
die Heiland leef vandag.
Hy gaan met my en Hy
staan my by,
al langs die lewensweg.

Hy leef, Hy leef,
verlossing bied Hy vry.
Jy vra my hoe ek weet
Hy leef?
Ek weet Hy leef in my!

88. HY SAL KOM OP DIE WOLKE

Hy sal kom op die wolke,
Ja, dis seker.
Elke menslike oog sal
Hom sien,
dan bring Hy saam met Hom
die verlossing,
aan elkeen wat Hom
in waarheid dien.

KOOR

*O, ek bid U, o Koning
van Israel,
kom reinig my hart
en my gees,
sodat wanneer U kom
op die wolke,
ek gereed vir die Bruilof
sal wees.*

89. HY'S DIE ENE (Sing 2x)

Hy's die Ene wat ek liefhet
in die môre;
Hy's die Ene wat ek
liefhet in die aand;
Hy's die Ene in die
awend skemer,
Hy's die Ene in die middernag.
Hy's die Wynstok,
ek is die rankie,
Hy's die Pottebakker
ek is die klei,
Tussen Hom en my
kom daar nimmermeer
'n skeidingsmuur.

90. HY'S JAHWEH

Hy's Jahweh (x2)

Triomferend oor die dood
is Hy Jahweh!
Elke knie sal buig
elke tong bely:
dat Jahshua Jahweh is.

Hy kom weer (x2)

Met die wolke kom Hy
weer, ja Hy's Jahweh!
In Sy vrederyk
kom Hy dan regeer!
Ja, Jahshua is Jahweh!

91. HY'T GEKOM

Dis my Jahshua,
wat hier in my regeer,
dis my Koning wat
my liefde so vermeer'.
In my hart is waar Hy woon,
vir ewig op Sy troon,
dis my Liefing
wat vir ewig in my woon.

KOOR (x2)

***Hy't gekom! Hy't gekom!
Met die wolke't Hy gekom
Ja, Hy's Jahweh!***

O hoe lieflik is U
wonings, Jahweh,
waar ons juig en jubel
voor ons Jahweh!
Met 'n lofsang in Sy Woning,
sal ek staan
daar waar Sy Liefde
Nimmermeer sal vergaan.

KOOR

Welg'luksalig is die mens
wat vertrou en sy rus vind by
die altaar wat Hy bou.
Hoe gelukkig is die een
in Sy paleis wie Hom
altyddeur mag eer,
loof en prys!

KOOR

92. IN DIE HEMEL

In die hemel is Jahweh
en Sy glans is soos kristal.
Hy's die Heilige van Israel
en Hy heers oor die heelal.

KOOR

*Daar is mag in Sy Woord,
soos die waters
druis Sy stem.
Soos die son
op die see se blou,
so die rykdom van Sy trou
en aan U is die Mag
en die heerlijkheid en Krag
en aan U is die Eer
en die lof, want U regeer,
U regeer*

Miljoene in gereedheid
staan die engele om
Sy Troon,
verbysterd in Sy Sieraad
soos die weelde van
Sy Kroon.

KOOR

Ewig Heilig is Jahweh,
Hy wat was en is en kom,
Hy's die Alfa en Omega,
Almagtig en Verhewe.

KOOR

93. IN 'N OOMBLIK SOOS NOU

In 'n oomblik soos nou
Wil ek sing tot die eer (x2)
van Jahshua.
In 'n oomblik soos nou
Wil ek sing tot die eer (x2)
van Jahweh..

Sing dan HalleluJah (x3)

HalleluJah.

94. JAH HET DIE MENS

Jah het die mens
vir Liefde gemaak
en Sy opdrag was duidelik:
Jy moet Jahweh, jou El,
liefhê met jou hele hart,
jou hele siel, jou hele Verstand
en daarmee saam (x2)
jou naaste soos jouself.

Mensekind, neem Sy hand
en nooi Hom in.

Maak Hom deel
van jou lewe en jy sal sien
dat jy Hom lief het,
met jou hele hart, jou hele
siel, jou hele verstand
en daarmee saam (x2)
jou naaste soos jouself.

Neem Sy Hand, nooi Hom in
Leer Hom ken en bemin
en jy sal vind:

Hy's 'n El van Liefde!
Neem Sy Hand, nooi Hom
In leer Hom ken en bemin
***en jy sal lewe,
ewig hierna. (x2)***

95. JAHSHUA BREEK AL MY BANDE

**Jahshua breek
al my Bande (x3)**
en Hy maak my vry!

**Jahshua breek
Sonde bande (x3)**
en Hy maak my vry!

Ek gee Hom al die ere (x3)
want Hy maak my vry!

Vervang 'my /ek' met 'ons'

96. JAHSHUA HEERSER VAN ISRAEL

Jahshua, Heerser van
van Israel,
Heilige Redder,
ewige Jahweh.
Immanuel, Jahweh
is met ons,
U is lofwaardig,
Lewende Woord.
Jahshua, Naam
bo die Name
Wonderbaar Heiland.
Redding gee Hy vir my.
Messiah, Losser
Van Israel,
geseënde Koning,
ewig Jahweh!

97. JAHSHUA IS ALLES

Jahshua, U is my Heerser,
U is my Koning, U is my Vader,
U is my Vriend, Jah,
maar nou's U, my Man.

KOOR

*Ek sing HalleluJah
U is Jahshua,
Losser vir Jisrael
en Judah se Man*

Jahshua, U is my Wysheid
U is my Krag, Jah,
U is my Liefde, U is
Lofwaardig en my hele hart!

KOOR

98. JAHSHUA IS DIE HEERSER

Jahshua is die Heerser,
Jahshua is die Koning,
Jahshua is die
Vors van Israel.
Daarom wil ek jubel
daarom wil ek uitroep:
Jahshua is die Een
wat ek wil dien.

Hy is die Een
Wat my voete rig
Hy is die Een
Wat my denke stig
Hy is die Een
Wat my so veilig hou
Hy is die een
Wat ek moet dien

Sterke El en Vader,
Wonderbare Raadsman.
Hy alleen voer hier
die heerskappy.
Daarom wil ek jubel
daarom wil ek uitroep:
Jahshua is die Een
wat ek wil dien.

Hy is die Een
Wat ons kan versterk
Net in Sy lig
Kan ons die Waarheid sien
Dis in Sy Woord
Dat ek hier staande bly
Hy is die Een
Wat ek moet dien

99. JAHSHUA IS MY KRAG

Jahshua is my Krag
en my Psalm.
Hy het my tot heil geword.
Hy is my El,
Hom sal ek roem.
Die El van my vaders,
Hom sal ek verhoog (x2)

100. LOOF JAHWEH, HY IS GOED

Loof Jahweh, hy is goed,
Loof Sy heilige naam;
Laat alles in die groot heelal
Vir Jahweh loof.

KOOR

Ek wil vir Jahweh loof
(wil vir Jahweh loof)
Loof met my hele hart
(met my hele hart)
Hy gee hul wat roep
Weer nuwe krag

Hy't my sonde vergeef,
En HY maak my Sy kind
Laat alles in die groot heelal
Vir Jahweh loof.

KOOR

Loof, o hemel, Jahweh
Al die engele saam
Laat alles in die groot heelal
Vir Jahweh loof.

101. JAHSHUA, O JAHSHUA

Jahshua, O Jahshua,
lei ons gedurig en altyd,
lei ons op U spoor van heil.
Ons wil U loof Jah,
staan ons naby.

Jahshua, o Jahshua,
Bewaar ons
deur die komende nag,
bewaar ons tot weer
in die dag.
Ons wil U dien, Jah,
versterk ons dan nou.

Jahshua, O Jahshua,
ons sien uit na wanneer
U kom
Kom na U kinders wat wag
Ons het U lief, Jah,
versterk ons dan nou.

Jahshua, o Jahshua,
kom en herskep
weer die aarde,
kom en herstel weer
U ordes.
By U wil ons woon, Jah,
die ewigheid deur.

102. JAHSHUA, ONSE JAHSHUA

Jahshua, onse Jahshua,
vir ons gely op Golgota.
Vir ons die sonde las gedra.
U het ons aan Vader opgedra

KOOR (x2)

***Ewig, ewig, sal ons U bemin
vir genade, so ryk
aan ons vergun.***

Jahshua, onse Jahshua,
al ons laste wil U dra.
Vir die wat daarom vra
gee U uit vrye gena'.

KOOR

Vir genade, so ryk
aan ons vergun.

103. JAHSHUA ONS LOOF U

Jahshua ons loof U!
Jahshua ons prys U!
Laat ons met eng'le
'n loflied sing:
nie meer verlore; U is
gebore!

Ontvang die dank
wat ons U bring!

Jahshua ons loof U!
Jahshua ons prys U!
Neem U ons harte
en maak dit rein,
dat ons gelowig,
U dien met liefde
ontvang die lof
van kinders klein.

104. JAHSHUA ONS VERLANGE

Jahshua ons verlange,
vanuit die vleeslik' kring!
Met welke jubelsange
sal ons U koms besing?
Ontvlam in hierdie dae
ons harte deur U Gees
en skenk ons U behae
en luister aan ons fees!

Ons het uit aardse duister
die Môrester aanskou,
gou breek die dag se luister
die Heiland is getrou!
Ras kom Hy met die
wolke as Regter en alom,
vergaar Hy uit die volke
Sy ewig eiendom.

105. VERVUL NOU MY WESE

Ek maak nou my hart oop,
Dat U daarin kan woon.
Vergewe my sonde
En maak alles skoon.
Ek wil graag U kind wees
En rein voor U staan.
Opnuut weer gebore,
Ek neem Jahshua nou aan.

KOOR:

Vervul nou my wese,
Die dors binne my
Ek weet dat U luister,
U spreek my nou vry.
Vernuwe my denke,
verander my gees.
En leer my nou lewe
Om soos Jahshua te wees.

Neem nou my lewe
As 'n offer aan U.
Heilig dit JAHWEH,
Aanneemlik vir U.
Al's wat ek is JAH,
Kom ek vir U gee.
Wees U nou die Koning
wat in my regeer.

KOOR

106. JAHSHUA STERKE VERLOSSER

Jahshua sterke Verlosser,
Redding gee Hy! (x2)
Jahshua sterke Verlosser,
sterke Verlosser is Hy!

Israel, vertrou net op
Jahshua, Glo en vertrou -
Jahshua is trou!
Aanbid Hom en prys Hom
en dien Hom -
Sterke Verlosser is Hy!

107. JAHSHUA WAT 'N WONDER

Jah-ha-shua,
wat 'n wonder van Jah
U is so lieflik,
so re-in en skoon
U- skyn
soos die blink môrester
Jahshua,
wat 'n wonder van Jah.

108. JAHWEH GEE ONS SY VREDE

***Jahweh gee ons Sy vrede,
gee ons Sy vrede.
Jahweh gee ons Sy vrede
in ons hart. (x2)***

***Hy bring ons na waterstrome
Na waterstrome.
Hy bring ons na waterstrome
prys Sy Naam! (x2)***

***Ons wil juig, sing en jubel,
juig, sing en jubel.
Ons wil juig, sing en jubel
tot Sy eer! (x2)***

***Want Hy sal ons vergader,
sal ons vergader.
Want Hy sal ons vergader
as Sy volk. (x2)***

109. JAHWEH IS GROOT

Jahweh is groot
waar Sion's top
hom wentel uit
die dieptes op.
Hy is lofwaardig,
waar verhewe
die berg en stad
in songlans bewe,
en Sion teen die noorde
blink, bo die lof
van woorde.
daar waar in vlekkelose wit
die Koning van die heelal sit
het Hy wat teen
die vyand waak,
as Rotsburg Hom
bekend gemaak.

110. JAHWEH IS MY HERDER

Jahweh is my Herder,
niks sal my ontbreek nie.
Hy laat my neerlê
in groen weivelde.
Na waters waar rus is
lei Hy my heen.
Na waters waar rus is
lei Hy my heen.

KOOR

Baie diep haal Hy my uit. (x2)

*Hy plaas my voete
op 'n ewige rots.*

Baie diep haal Hy my uit.

111. JAHWEH IS MY HERDER

Jahweh is my Herder
wat kan 'n mens meer vra?
Ek word deur Sy Liefde
en Almag gedra.

Wat meer (x2)

Wat kan 'n mens meer vra?

Wat meer (x2)

Wat kan 'n mens meer vra?

Al gaan ek deur donker
Jahweh is met my.
Vir niks is ek bang nie,
want Hy is in my.

In my (x2)

Jahweh is in my

In my (x2)

Jahweh is in my

U Wysheid en U Liefde
is vir my 'n huis.
Solank as ek lewe
is ek daarin tuis.

'n Huis (x2)

ek is daarin tuis.

'n Huis (x2)

ek is daarin tuis

112. JAHWEH IS SO GOED

Jahweh is so goed,

HalleluJah

(x2)

Jahweh is so goed,

Hy's so goed vir ons.

Hy bly in ons,

HalleluJah.

(x2)

Hy bly in ons,
deur Sy Gees in ons.

Jahweh maak ons vry,

HalleluJah

(x2)

Jahweh maak ons vry,
van ons sonde vry!

Kom loof Sy Naam,

HalleluJah

(x2)

Kom loof Sy Naam,
loof Sy Naam alom!

Ha-lleluJah

(x2)

Hallelu - HalleluJah.

113. JAHWEH MAAK MY LIPPE TOG OOP

Jahweh maak my lippe
tog oop,
dat my mond
U lof kan verkondig,
om te sing tot eer,
ja, tot eer van Jah!
Psalmsing tot eer
van Jahweh

KOOR

*Neem dan aan
my lied en my lofgebed
en die opheffing
van my hand, as 'n aandoffer
en 'n reukoffer
dis al wat ek het te bied.*

Jahweh is die Heilige Een,
ja die Een wat woon
onder lofsang,
deur die mond gesing,
van die volk gebring
Israel Sy eiendom!

KOOR

114. JAHWEH REGEER

Jahweh regeer
die kleet van Heerlikheid,
wat Hom omstraal
is enkel majesteit
en deur Sy Krag

wat enkel triomfeer
hou alles stand,
dit wankel nimmermeer.

KOOR (x2)

***Ons buig laag neer
voor hierdie majesteit,
Jahweh regeer***

(x2)

U troon Jahweh,
het ewig vasgestaan,
U is Jahweh
van ewigheid af aan.
Rivier en meer
het woedend opgebruus,
hul hoog gehef,
geklots met groot gedruis.

KOOR

Maar oor hul in
die hoogte sit Jahweh
geweldig
as vloed van storm en weer.
Al Sy getuienis
is gans getrou,
Belofte woord sal Hy
vir altyd hou!

KOOR

115. JAHWEH, U SAL ONS LOOF

Jahweh, U sal ons loof,
U sal ons verhoog.
U Naam sal ons loof,
U Naam sal ons loof,
Want U het wonders gedoen

Jahweh, U sal ons loof,
U sal ons verhoog.
U Naam sal ons loof,
Almagtige Jahweh,
Want U het wonders gedoen

116. JAHWEH'S 'N TOEVLUG

Jahweh's 'n toevlug in nood
'n Rots wat altyd vas staan,
al dreig die vyand
met die dood,
Al storm leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef,
Al wat ons hier omgeef,
die berge sal uit hul steë
weg wankel in die see!

KOOR

Ons sing:

*Lofende, singende,
prys Jahweh*

*Lofende, singende,
prys Jahweh*

*Die El van Jakob sal altyd
Ons veilige vesting wees*

Silwer of goud het ek nie,
maar dit wat ek het,
gee ek jou.
In die Naam van Jahshua,
ons Losser, van Bethlehem,
staan op en loop!

KOOR

*Singend en juigend en
loof Jahweh!*

*Singend en juigend en
loof Jahweh!*

*In die Naam van
Jahshua Messiah,
van Bethlehem, staan
op en loop!*

Ons sing:

Lofende, singende,
prys Jahweh.

Lofende, singende,
prys Jahweh.

Die El van Jakob
sal altyd

Ons veilige vesting wees?

117. JUIG AL WAT LEEF

Juig, al wat leef,
Juig voor Jahweh!
Dien El met blydschap,
gee Hom eer!
kom nader voor Sy aangesig,
en prys Hom met
'n lofgedig.

Jahweh is El, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien
en vrees en skape van
Sy wei te wees.

Gaan deur Sy poorte
in met lof,
met lofsang in Sy tempel hof;
kom in Sy Huis,
o Bondsvolk, saam;
verhef Sy lof en prys Sy Naam.

Want goedertieren is Jahweh;
Sy goedheid
eindig nimmermeer;
Sy Trou en Waarheid
hou hul Krag
tot in die laaste nageslag.

118. KOM DANK NOU ALMAL JAH

Kom dank nou almal Jah
met hart en mond en hande;
loof Hom wat wonders doen
tot in die verste lande.
Van vroeg van kindsbeen af;
het Hy ons trou bewaar
en tot vandag toe nog
geseën en gespaar.

Lof, eer sing ons voor U
die Bron van alle Lewe -
die Vader, Seun en Gees,
Almagtig en Verhewe.
Roemryke El, ons roem
U Krag en Majesteit.
Jahweh, ons wil U noem:
Jahweh in ewigheid!

119. KOM LAAT ONS NEERBUIG

***Kom laat ons neerbuig
en aanbid, laat ons kniel
voor Jahweh
ons Maker (x2)***
want Hy is ons El,
en ons is die volk
van Sy weide,
***en die skape
van Sy Hand. (x2)***

120. KOM LOOF JAHWEH (Mans en Vroue beurtsang.)

M: Kom loof Jahweh

V: Kom loof Jahweh

M: knegte van Jahweh;

V: knegte van Jahweh

M: wat snags in die huis

V: wat snags in die huis

M: van Jahweh staan!

V: van Jahweh staan!

Hef op julle hande,
na die Heiligdom
en loof Jahweh! (x2)

M: Kom loof Jahweh

V: Kom loof Jahweh

M: knegte van Jahweh;

V: knegte van Jahweh;

M: Hy wat Sy Verbond

V: Hy wat Sy Verbond

M: getrou onderhou.

V: getrou onderhou.

Hef op julle hande,
O Verbondsvolk saam
en prys Sy Naam! (x2)

121. KOM NOU IN AANBIDDING

O kom nou

in aanbidding (x3)

Voor Jahshua alleen!

Ons gee U al die ere (x3)

Ons Koning Jahshua.

Want U alleen

is waardig (x3)

Ons Koning Jahshua!

122. KRONINGSLIED

Jah om U as El te loof
is ons hier saam;
in aanbidding buig ons neer,
ons eer U Na-a-m,
'n Kroningslied wil ons sing,
ons harte ophef en l-of bring!
Jah om U as El te loof
is ons hier saam.

123. KOM ONS STAAN

Kom ons staan voor die Vader
en bely dat Hy regeer,
kom ons sien die Hemelkoning
op Sy troon.
Laat ons al die hulde bring
en Sy lof en eer besing,
Laat ons lofsange
die plek wees waar Hy woon.

KOOR

*Hef jou hande op na Bo,
Al wat Hy vra is dat ons glo.
En as jy weet jy is vry,
is dit die heel beste rede
(ook vir my).*

Om te kniel voor die Vader
in gebed tot Hom te nader,
Hom as Koning
en Verlosser te bely,
om Hom te dank
vir Sy genade,
vir Sy Seun en wonderdade,
want die Krag van Sy
Waarheid maak ons vry.

KOOR

Om te gaan na die nasies,
want Sy opdrag was basies
om te doen en te lewe
net soos Hy.
Want deur Sy wonderwerke
is daar nou ook geen perke
van wat Jahshua kan doen
deur jou en my.

KOOR

Met kitaar en harp te speel
en met basuine te verseël,
want die Groot dag
van Jahshua kom beslis.
Die dag wat elke knie
sal buig
en elke mond nog sal getuig
dat die Ruiter op die wit perd
Koning is!

KOOR

124. KOM, O SKEPPER- GEES

Kom, o Skepper-Gees
lewendmakend' Gees.
Kom in al U volheid,
kom in al U Krag.
Lei my in U Waarheid,
leer my van U Seun,
wees ook U my Wysheid,
kom, o Skepper-Gees.

Kom, o Skepper-Gees,
Alteenwoordig Gees.
Werk in al U Sterkte,
werk in al U Mag.
Lei my in U Liefde,
laat my daarop let.
Gee ook U, my Meester,
volheid in U Gees.

125. KOM SING 'n NUWE LIED VIR HOM

Kom sing 'n nuwe lied vir Hom,
kom sing 'n nuwe
lied vir Jahshua,
bring al die lof
en dank aan Hom.
Want Hy's die Koning
wat weer kom.
Kom sing 'n nuwe
lied uit jou hart,
laat jou lewe Hom besing.
Want Hy's die Koning,
Hy is JaH-Ha-WeH,
sing 'n nuwe lied vir Hom.

126. KOM TOT JAHWEH

Kom tot Jahweh
met al u verdriet.
Kom nou na Hom
wat redding U bied.
Hy het Sy bloed
vir sondaars vergiet.
Hoor nou Sy roepstem, kom!

KOOR

*Heerlik, heerlijk sal die
vreugdetoon, eenmaal klink,
waar vrygekooptes woon.
As ons vergader
rondom die Troon,
daar waar Jahs eng'le staan.*

Kom sondaars, almal,
Hy roep u kom.
Spring op van vreugd',
verbly u in Hom.
Voordat die roepstem
eendag verstom.
'Kom tot My sondaars kom.'

KOOR

Moet tog nie wag nie,
Hy is naby, volg Sy gebod,
want Hy maak u vry.
Luister, Hy spreek
tot u en tot my:
'Kom tot My sondaars, kom.'

KOOR

127. KOM VERHEERLIK NOU JAHWEH

*Kom verheerlik nou Jahweh
want Hy is waardig
om te prys! (x2)*

Jahshanna!
Waardig is Jahweh! (x2)
Hy is ons Losser.
Jahshanna!
Jahshua is Jahweh! (x2)
Hy is ons Losser.

128. LAAT JAH U SEËN

Laat Jah, U seën op hul daal
U guns uit Sion
hul bestraal.
U wat beveel en dit geskied
wil Jah U seën oor hul gebied

(Vervang 'hul' met 'ons /my')

129. LAAT ONS SKYN VIR JAHSHUA

Laat ons skyn vir Jahshua
met 'n helder glans,
skitter soos die sterre
aan die hemeltrans!
In die donker wêreld,
skyn dan skyn
jy in jou klein hoekie,
en ek in myn!

Laat die Lig dan val
op almal om ons heen;
wys die weg na Jahshua
vir die hart wat ween;
in die nag van kommer,
s-orge of pyn,
bring ons so verligting
o, skyn dan, skyn.

130. LAAT VOOR JAHWEH 'n LOFSANG RYS

Laat voor Jahweh
'n lofsang rys!
Hoe goed is dit
om Hom te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing,
die lof wat ons
aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons
in guns aanskou,
Hy wil Jerusalem herbou,
en Israel wat verstrooid
nog swerf,
versamel op Sy heil'ge erf.

Hy stuur Sy Woord,
Sy Wind – hul smelt,
die Waters stroom
weer oor die veld.
So laat Hy guns op almal daal,
Oor Israel het die Wonderstraal
van Waarheidskennis
opgegaan; so het Hy
aan geen volk gedaan.
Hul ken Sy Ryksverordening;
Hul wil uit dank
Sy Grootheid sing.

Laat nou jou stem,
o Salem rys!
O Sion, wil vir Jahweh prys!
Hy dek jou dig vir slag en stoot,
Versterk jou poorte

teen die nood.
Hy seën jou kinders
met jou mee
as Hy jou land die vrede gee.
Hy laat jou akkers
stuiwend staan
en voed jou
met die beste graan.

131. LANGS DIE HEUWELTOPPE

Langs die heuweltoppe
kom daar
blye, skone môregloed.
Vra my siel geboë eerbiedig
vul my met U Liefde, soet.
Dis die Heiland,
dis die Heiland,
bring Hom nou
jou welkomsgroet.

Met my lamp gevul en helder,
met my oog nie meer verblind,
wag ek op U toekoms Heiland,
waar ek volle vreugde vind!
Kom my Heiland,
kom my Heiland,
Koning, Redder,
Broer en Vrind!

132. LEI MY HOËR OP DIE BERG, JAH

Lei my hoër op die berg Jah,
in gemeenskap met U daar.
In U Lig sien ek die Lig Jah,
waar U Woord my rein bewaar.

Lei ons hoër op die berg, Jah,
in gemeenskap met U daar.
In U Lig sien ons die Lig Jah,
waar U Woord ons rein bewaar

133. LEI VRIEND'LIK LIG

Lei vriend'lik Lig
deur aardse duisternis,
lei U my voort.
Swart is die nag
waar ek 'n swerwer is,
lei U my voort.
Lig my tog voort,
dis nie dat ek begeer,
om vêr te sien,
net stap vir stap Jahweh.

Ek het nie altyd so van U
begeer, om my te lei.
Eers wou ek self
my lewensweg beheer,
nou lei U my.
Ag, ek was dwaas,
versot op ydelheid.
Vergeef tog Jah,
Gedenk nie daardie tyd.

U wat so lank
my Gids was, lei my tans
nog veilig voort.
Deur vlei en vloed,
oor elke kloof en krans,
na gindse Poort,
waar skoon soos eng'le
saal'ge dier'bres staan;
hier eens bemin
en reeds vooruit gegaan.

134. LIEFDE

Nog voor die mens
en sy asemteug
het Jahweh my laat wees
'n Woord van Sy Liefde
en Apartgestelde Gees

KOOR (x2)
*Dis my Liefde,
Jah, my Liefde
Jah, my Liefde
net vir JOU.*

Na miljoene jare
is ek weer terug
by die Gees van die Lam
'n Lig net soos
my Jahshua,
'n Wedergeborene

KOOR
(Einde)
*Dis my Liefde,
Jah, my Liefde
net vir JOU.*

135. LIEFLIKE WOORD

Sing dit nog 'n maal vir my oor
Wonderlik Lewenswoord.
Laat die lieflikheid my bekoor
wonderlik Lewenswoord.
Woord met lewenskoonheid
Bron van Lig en Getrouheid.

KOOR (x2)

**Lieflike Woord,
wonderlik Woord,
wonderlik Lewenswoord**

Woord wat kom
uit die hart van Jah,
wonderlik Lewenswoord!
Soet weerklink dit as Sy gebod,
wonderlik Lewenswoord.
Lig van ons lewenswandel
sodat almal kan handel

KOOR

136. LOFSING JAHSHUA

Lofsing Jahshua, die Ewige,
sing tot Sy ere!
Lofsing die Koning,
die Skepper, die Vader,
die Heiland!
Loof almal saam,
groot is Sy Heilige Naam!
Loof Hom Jahweh
van die skepping!

137. LOOF HOM

Loof Hom! (x2)

Loof Hom in die oggend,
loof Hom in die middag.

Loof Hom, (x2)

loof Hom in die awenduur.

Dien Hom

Glo Hom

Ken Hom

Jahshua (x2)

138. LOOF HOM MET DIE SITER

Loof Hom met die siter,
loof Hom met die harp,
loof Hom met die
klinkende simbale!

HalleluJah!

Loof nou Jahweh! (x2)

Prys Hom met jul stemme,
prys Hom uit die hart!
Prys Hom in die hemel en
op aarde!

HalleluJah!

Loof nou Jahweh! (x2)

Loof Hom oor Sy dae
Met basuingeklank,
snarespel en helder
tamboeryne!

HalleluJah!

Loof nou Jahweh! (x2)

Loof Hom met die siter,
loof Hom met die fluit,
loof Hom met die hande
en koordanse!

HalleluJah!

Loof nou Jahweh! (x2)

Loof Hom oor Sy dae
in Sy Heiligdom!
Loof Hom in die volheid
van Sy Grootheid!

HalleluJah!

Loof nou Jahweh! (x2)

139. LOOF KONING JAHSHUA

Loof Koning Jahshua,
aanbid Immanuel,
Opperheer, Vredevoers,
blink Môrester.

Tot in alle ewigheid
loof ons U Grootheid
en ons sal met U
regeer in ewigheid.

140. LOOF JAHWEH

Loof Jahweh, o my siel,
Loof Jahweh, o my siel
en al wat in my is,
o loof Sy Heil'ge Naam.

Laat die woorde
van my mond,
die oordenking van my hart,
welbehaaglik wees
voor U aangesig,
O Jahweh my Rots!

141. MET MY HANDE OMHOOG

(Vroue sing die eggo's)

Met my hande omhoog,
(met my hande omhoog)
met my mond wil ek loof,
(met my mond wil ek loof)
uit my hart wil ek sing,
'n dankoffer bring.

Aan my Jahshua wat leef,
(Aan my Jahshua wat leef)
aan my Vader wat heers,
(aan my Vader wat heers)
uit my hart wil ek sing,
'n dankoffer bring.

Deur 'n Dogter in nood,
(Deur 'n Dogter in nood)
aan haar Skepper so groot,
(aan haar Skepper so groot)
uit ons hart sal ons sing
ons dankoffer bring.

142. MODDERSLYK

In Liefde, teer,
daal Jahshua neer
om my van sonde te bekeer,
en uit die diepste slawerny
red Sy genade my!

KOOR

*Hy haal my uit die modderslyk.
Met liefdehart haal Hy my uit.
Uit donkernag tot helderdag,
o, prys Sy Naam
Hy haal my uit!*

Nou leef ek in 'n hoër sfeer,
my siel is onder Sy beheer
en ek verstaan nou waarom Hy
uit Liefde so moes ly.

KOOR

143. MY ENIGSTE TROOS

My enigste troos
in lewe en dood
is dat ek aan Jahshua
Messiah behoort.
Met Sy kosbare Bloed
het Hy my vrygekoop,
dis my anker, my vaste hoop.

KOOR

*Ek behoort nou aan Jahshua,
niks sal my ooit
van Hom kan skei.
Met Sy kosbare bloed
het Hy my vrygekoop
dis my anker, my vaste hoop*

Die doop is die seël
dat die Heilige Gees
my 'n kind van Jahweh,
die Vader, laat wees.
Sy onfeilbare Woord
is die Gids wat ons lei.
Deur Sy Liefde bewaar Hy my.

KOOR (x2)

144. MY HANDE HEF EK OP NA U

My hande hef ek op na U,
ek loof U Naam en buig voor U,
want U is Jah,

die Koning van my hart.
Ek dien geen vreemde
gode nie
en niks is meer belangrik
nie as dat U in my hart regeer,
daar is geen plek
vir ander nie,
**want voor U Jah,
lê ek heel my lewe neer (x2)**

145. MY HART

My hart vol Liefde
bring ek aan U, wie is daar
wat kan standhou teen U?

KOOR

*Jahshanna, U Bloed is gegiet
Jahshanna,
My hart wil ek bied.
My Liefde vir U,
U wil sal geskied.*

Die lof en die eer
bring ek aan U.
Ek smag na U Liefde
op my aangesig voor U!

KOOR

Jahshanna, ons Koning!
My Liefde vir U,
my hart is U Woning:
'n Reënboog vir U!

KOOR

**My Liefde vir U,
U wil sal geskied. x3**

146. MY TOEKOMSLIED

Voor ek een kon word met U
en U Liefde in my hart
kon groei,
moes U my wil kom vernu'
en my siel sal vir U bloei.

Ek lê verslae voor U voet
vir U reinigende Hand,
Met U Liefde en U Bloed
laat U my hart
weer vurig brand.

Uit die as is ek opgerig,
U het weer in my hart

kom woon.
Met U Gees en U Liefdeslig
maak U my hart weer
U Troon.

Ek's gereed om
vir Jahweh te stry
met U wapenrusting aan,
om my Koning
Jahshua te bely,
U sal ewig vas bly staan!

Mag my laaste woorde
Liefde wees soos
Jahshua s'n aan die kruis.
Vul my hart met U
Heil'ge Gees,
ek gaan terug
na my Vaderhuis.

In die Hemelhuis
is ons ewig saam,
ek sal U Naam loof en prys
vir ewig in U Heil'ge Naam,
my Koning, net U is wys!

147. NADER STEEDS NADER

Nader, steeds nader,
na aan U sy,
trek my my Heiland
vol Liefde vir my;
hou my gedurig
digby U hart
**daar vind ek rus en daar
ken ek geen smart (x2)**

Nader, steeds nader
niks het ek meer,
niks as 'n offer
om U mee te eer.
Net maar my hart,
Jah, bring ek U mee
**enkel U Bloed
kan my reiniging gee (x2)**

Nader, al nader,
tot waar ek rus,
veilig geland
aan die Hemelse kus.
Deur al die eeue
sal ek dan wees
**naby U, Jahshua,
ja, by U, Jahweh! (x2)**

148. NET GOEDHEID EN GUNS

**Net goedheid en guns
sal my volg, al die dae,
al die dae, al die dae
wat ek lewe!** (x2)

KOOR

*En ek sal woon in die Huis
van Jahweh vir ewig
en ek sal aansit aan die
feesmaal berei vir my.*

Net goedheid en guns
sal my volg al die dae, al die
dae, al die dae wat ek leef.

149. NIE DEUR KRAG

**Nie deur krag
of deur geweld,
maar deur My Gees,
so spreek Jahweh.** (x2)

**Die berge sal
Ek verskuif** (x3)
deur My Gees,
so spreek Jahweh.

150. O, ALLE VOLKE

O, alle volke,
klap met die hande
en sing 'n loflied tot Jahweh
Die Allerhoogste,
die Hemelkoning
word deur ons loflied geëer.

151. O BLYE DAG

O blye dag, waarop my siel
deur Jahshua's Bloed
gereinig is!
Ek juig terwyl
ek dankbaar kniel
voor Jahshua wat
my Redder is.

KOOR

*Blye dag, blye dag!
Die einde van my sondenag!
Die Heiland lei my in Sy Rus
en min my met 'n Liefdeskus!
Blye dag, blye dag,
Die einde van my sondenag!*

Jahweh laat my belofte duur,
dat ek daar daagliksvan getuig;
sodat ek in my sterwensuur
nog oor die blye dag sal juig!

KOOR

152. O EL VAN JAKOB

O El van Jakob, deur U Hand
word steeds U Volk gevoed.
U het weleer op see en land
ons vadere behoed.

Besikker van ons deel en lot
in voor- en teëspoed.
U's onse Vader, onse El,
Ons Heil, ons Hoogste Goed.

153. ONSE VADER

Ons Vader wat woon
in die hemel,
geheilig sy U Naam.
Laat U Ryk kom,
U wil geskied
soos in die Hemel
so ook op die aarde.
Gee ons vandag
ons dag se Brood
en vergeef ons al ons skulde
net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie
in die versoeking,
maar verlos ons
van die Bose.
Van U is die Ryk
en die Sterkte en die Ere
vir ewig en ewig, Amein (x2)

154. ONS GROTE MAKER

Lofsang aan ons Grote Maker
van wel en weë!
Al wat Hy van jou vra
is dat jy jou wêreld
aan Hom sal gee.
Verseker het die Dag vir skone
lofsang in ons begin!
**Hy is die Einde en Sy lof
sal ons vir ewig bring!** (x2)

155. ONS IS ALMAL HIER TESAAM

**Ons is almal hier tesaam,
vergader in Sy Naam,
verheerlik Hom.** (x2)
Ons is almal hier tesaam
vergader in Sy Naam
om Hom te loof en prys!
Jahshua, Messiah, Jahweh

**Hy is my Geregtigheid,
ek staan volmaak in Hom,
verheerlik Hom.** (x2)
Hy is my Geregtigheid,
ek staan volmaak in Hom
en wil Hom loof en prys!
Jahshua, Messiah, Jahweh.

**Daarom buig ek voor Hom
neer, bring Hom al die eer,
verheerlik Hom.** (x2)
Daarom buig ek voor
Hom neer, bring Hom al die
eer, ek wil Hom loof en prys!
Jahshua, Messiah, Jahweh.

156. ONS IS SO BLY

Ons is so bly,
Jah ons is so bly,
Jahshua is in my!
U is in ons,
Jah, U is in ons, Jahshua,
U kom by ons bly.

KOOR

*U is so magtig,
U is so magtig,
U is Jahweh,
U is Almagtig.
U is ons Vader, Grote Vader
U is ons Vader,
Jahweh, ons Vader.*

157. ONS LIEFDE

Ons Liefde vir jou is dié
van Jahshua!
Daar is Vrede
waar Sy Liefde ons regeer.
Mag dan hul wat sien dat jy
Jahshua dien,
ook begeer om van Sy
Liefde meer te leer.

158. ONS LIEFLING, JAHSHUA

Ons Liefeling, Jahshua,
is naby,
die Liefdevolle Jahshua!
Sy Woorde rig vir jou en my,
o hoor die Stem van Jahshua!

KOOR

*Soetste Naam in englekring
soetste Naam vir hemeling!
Soetste loflied ooit gesing,
Jahshua, Liefeling Jahshua!*

Ons sonde het Hy
aan die Kruis
gedra, o, Wonder Jahshua!
'n Plek is in die Vaderhuis,
'n Kroon berei deur Jahshua.

KOOR

159. ONS LOOF U VIR AL U HANDEWERKE

Ons loof U
vir al U handewerke,
ons loof U
vir son en maan en sterre,
ons loof U
vir see en kontinente.
Ons loof U,
want U is Wonderbaar!
Ons prys die El
wat alles onderhou,
ons prys die Seun
vir Liefde en vir Trou.
Ons prys die Gees
wat ons hier lei en bou,
ons prys Jahweh,
op El, Almagtig kan
ons altyd vertrou!

160. ONS PRYS U JAHWEH

Ons prys U Jahweh,
want U stuur ons U Seun,
Jahshua, wat kom
en genade verleen!

KOOR

*HalleluJah, laat ons jubel,
HalleluJah amen!
HalleluJah, laat ons jubel
U Naam wil ons ken.*

Ons loof U Jahweh,
U Volk is onthou.
Jahshua bewys dat
U Woord is getrou!
KOOR

Ons eer U Jahweh,
vol van U wil ons wees!
Besiel ons met Krag
van U Heilige Gees!

KOOR

161. ONS PRYS U NAAM

Ons prys U Naam,
o, liewe Vader Jahweh!
Ons prys U Naam,
want U is Lieflik.
Ons prys U Naam,
want U s-o-rg vir ons,
U is so goed vir ons,
U dink altyd aan ons.

KOOR

*Ons loof U, o-o, liewe Vader!
U is mooi, U is lieflik,
U is beeldskoon vir ons,
ons is U kinders.
Ons kom bly by U, Jahshua.*

162. ONS SAL OORWIN

***Ons sal oorwin,
ons sal oorwin
deur die Bloed van die Lam
in Jahshua se Naam. (x2)***

KOOR

*Deur die Woord
van ons getuienis
sal ons oorwin,
in Jahshua se Naam.*

Ons sal oorwin, ons sal oorwin
deur die Bloed van die Lam
in Jahshua se Naam.

163. ONS VERLOSSER IS JAHSHUA

***Ons Verlosser
is Jahshua, (x4)
HalleluJah! (x4)***

Want Hy kom weer
met die wolke,

ja, Hy kom weer
met die wolke.
Jahshua kom weer
met die wolke,
ja, Hy kom weer
met die wolke.
HalleluJah! (x4)

164. OORWINNINGSLIED

Ek sien in my gees
die Glorie en die
Almag van Jahweh.
Die Allerhoogste
wat in Liefde
Oor Sy Koninkryk regeer.
Hy't belowe aan
die einde op die wolke
kom Hy weer.
Hy is Koning, Hy regeer.

KOOR

***Loof Hom, prys Hom,
HalleluJah! (x3)
Hy is Koning, Hy regeer.***

Jahshua is ons Vesting,
wat vir altyd sal bly staan,
Hy beskerm elke mens
wat in geloof na Hom toe
gaan.
Hy's ons Skuiling,
Hy's ons Wapen,
Hy't die vyand reeds verslaan.
Hy's die Rots wat ewig staan.

KOOR

***Loof Hom, prys Hom,
HalleluJah! (x3)
Hy's die Rots wat ewig
staan.***

Kom deel nou in ons loflied,
hef jou hande op na Bo!
Blaas basuine, speel met
Harpe en kom dans voor
Jah se oë.
Kom leef in die
oorwinning van
Sy Woord waarin ons glo,
want Sy Woord sal ewig staan!

KOOR (x2)

***Loof Hom, prys Hom,
HalleluJah! (x3)
Sy Woord sal ewig staan.***

165.OP BERGE EN IN DALE

Op berge en in dale
en oral is Jahweh!
Waar ons ook telke male
mag swerwe daar's Jahweh!
Waar ons gedagtes swewe,
of styg ook daar's Jahweh!
Omlaag en hoog verhewe,
ja, oral is Jahweh!

Sy troue Vaderoë
sien alles van naby.
Wie steun op Sy vermoë,
word deur Sy Gees geleï.
Die swaeltjies behoed Hy,
beklee met gras die dal;
die kleinste wurmpie
voed Hy,
sorg vir die groot Heelal!

Roem, Israel, heel my lewe
is veilig in my Jah;
waar alles my begewe,
of waar ek ly, is Jah;
waar troue vriendehande
nie red nie, daar is Jah;
selfs in die dood se bande
ja, oral is Jahweh!

166. PRAAT EK MENSE, ENG'IE TALE

Praat ek mense, eng'le tale,
maar dis nie uit Liefde nie,
Is my woorde hol simbole,
klanke sonder melodie.
Al kan ek geheime uitlê,
berge deur geloof versit
of al het ek al die kennis,
sonder Liefde is ek niks.

Sonder Liefde sal my gawes
al my ywer, my nie baat.
Net die warme hart
van Liefde
Bly oorwin met goed
die kwaad.
Onreg kan dit nie verdra nie,
maar dis met die
Waarheid bly
Deur vergifnis,
hoop, verwagting,
Kom die beste in ons vry.

Al die tale, profesieë,
met die tyd gaan dit verby.
Net die Liefde,
die volmaakte,
kom en sal vir altyd bly,
want geloof gee troos
en rigting,
na die eendag reik die hoop,
maar die Liefde is
die Lewe
Jah is Liefde, Ewig, Groot.

167. PRYS JAHWEH

Prys Jahweh met blye galme
O, my siel daar's ryke stof!
'k sal solank ek leef,
my psalme
vroliek toewy aan Sy Lof
en Hom, wat Sy Guns my bied
altyd groot maak in my lied.

Salig, hy wat in die Lewe,
sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe
vlug tot Jah, sy toeverlaat
en ook in die swartste nag
op Jahweh alleen bly wag

Dis Jahweh der leërmagte,
troue BondsEl van weleer,
El van wordende geslagte,
tot in ewigheid Jahweh.
Sion, sing Jahweh ter eer,
prys Sy Grootheid,
loof Jahweh!

168. SING EN JUBEL (Sing 3x)

Sing en jubel!
Ja, sing tot jul El.
Hy's die Koning,
Hy's die Heerser van Jisrael

Ja, sing en jubel,
Hy het ons komverlos.
Hy's die grootste Koning,
ja sing tot Sy eer!

***Jubel en juig,
wees bly alom!
Ek sal na jul kom,
My Kinders, wees bly! (x2)***

169. SING HALLELUJAH WANT U REGEER

Ons loof U Naam,
o, Koning Jahshua!
Ons loof U Naam, want
U regeer.
Ons loof U Naam,
O, Koning Jahshua,
ons loof U Naam
en prys U weer.

Ons prys U Naam,
o, Koning Jahshua!
Ons prys U Naam, want
U kom weer.
Ons prys U Naam,
o, Koning Jahshua!
want met die wolke
daal U neer.

***Sing HalleluJah,
HalleluJah! (x3)***
Sing HalleluJah,
want U regeer.

170. SING VROLIK

Sing vrolik,
hef die stem na Bowe;
regverdiges, verhef Jahweh!
Dit pas opregtes El te lowe
en uit te jubel tot Sy eer.
Laat die psalmgesange
stem van sterk verlange
om Jahweh te dank
by die smeltend-skone
harp- en sitertone,
Liefde en Lof verklank!

In El, dié El wat ons beveilig,
voel nou ons hart
opnuut verblyd;
en op Sy Naam,
ontsaglik heilig,
vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader,
hoor ons as ons nader
met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade,
beskou ons met behae
as ons op U wag.

171. SOEK ALLEREERS

Soek allereers
die Koninkryk van Jah,
soek na die Wil
van die Vader.
Alles wat nodig is,
sal die Vader dan
vir julle gee uit Sy oorvloed.

HalleluJah, (x3)
amein, amein.

172. SOETSTE UURTJIE

O, soetste uurtjie van gebed
wat my van aardse sorge red
dit roep my tot my
Vaderstroon
waar Hy my nood
met antwoord loon,
as ek voor Hom
met angs en pyn
aan siel en liggaam
kom verskyn,
hoe dikwels het Hy
my gered
in die soet uurtjie van gebed.

O, soetste uurtjie
van gebed
voer op U vlerk my
boodskap mee
tot daar by onse
Midd'laar trou,
wat leef om aan ons Sy
Woord te hou.
Hy sê as ek gelowig soek,
gee Sy genade oorgenoeg
om my van al my sorg
te red in die soet uurtjie
van gebed.

173. SOOS 'n HERT

Soos 'n hert smag
na die water,
smag my siel na U Jahweh!
U alleen is my Hartsverlange
en ek dors na U Jahweh.

KOOR

*U alleen is my Krag en Skild
in U alleen is my dors vervul.
U alleen is my El en Vader
en ek dors na U Jahweh.*

O, my siel, waarom onrustig
en wat buig jy jou in my?
Hoop op Jah,
wees in Hom weer rustig,
stort jousef nou voor Hom uit.

KOOR

174.SPREEK JAH

Spreek Jah, spreek Jah,
mans: want U
dienskneg luister.
Spreek Jah, spreek Jah
vrue: want U
diensmaagd luister.

Ontvou U Woord
aan ons hart, o Jahweh!
Spreek Jah, spreek Jah,
want U diensvolk luister.

175. STAAN OP, STAAN OP

Staan op, staan op
vir Jahshua
o, diensvolk van Jahweh!
Tot werk is jul geroepe,
getuies tot Sy eer.
Kom buig dan voor jul Maker
berei Jahweh se Weg,
as werkers in Sy Oesland,
as werktuig in Sy Hand.

Staan op, staan op
vir Jahshua
o, volk van Israel.
In Hom is ons geskape
met Hom sal ons regeer.
Op Hom wag heel
die Skepping
ook as hul Redder - Jah.
Wanneer Hy kom as Koning
juig alles tot Sy eer.

Hy kom, Hy kom,
die Koning,
Hy staan reeds voor die deur!
Hef op na Hom jul hoofde,
verwag Hom altyddeur.
Verbind die swakke knieë,
rig op die hand wat slap hang.
Versterk mekaar voortdurend
met vreugd' en lofgesang!

176. SY NAAM IS JAHWEH

Sy Naam is Jahweh,
Hy is die Skepper Jah!
Sy Naam is Jahweh,
die Grote Elohim!
Hy's Jisrael se behoud,
Hy is Immanuel.
Ja, Hy is Jahshua,
die El van Jisrael!

Sy Naam is Jahweh,
ons Losser wat voorsien,
Jahshua Shalom,
wat ons met Vrede seën.
Hy is die groot EK IS,
Jahshua van jou rus
Ja, Hy is Jahweh,
die Een wat ons genees.

KOOR

Sing HalleluJah! (x4)

*O, kom ons
prys Sy Naam,
Met HalleluJah,
want Hy is Jahweh,
die Heerser van ons hart.*

Jahshua sorg vir ons,
Hy is die Vredevors.
Hy is Immanuel,
dis 'El-met-ons'.
Jahshua is Sy Naam,
Hy wat ons hart verstaan.
Ja, Hy is Jahweh,
die Een wat ons verlos!

KOOR

Sy Naam is Jahweh,
Hy is die Skepper Jah!
Sy Naam is Jahweh,
die Grote Elohim!
Hy's Jisrael se behoud,
Hy is Immanuel.
Ja, Hy is Jahshua,
die El van Jisrael!

KOOR (x2)

177. STROME VAN SEËN

Strome van seën van bowe,
dit het die Liefde beloof;
heerlike tyd van verkwikking
vloei uit ons Heiland en Hoof

KOOR

*Str-o-me van seën,
gee van U volheid
ons weer*

*Reeds val die
druppels gedurig
Skenk ons die strome
Jahweh!*

Strome van seën van bowe
gee dit al voller Jahweh!
Dorstig en biddende
wag ons;
word hier verheerlik Jahweh!

KOOR

178. TWYFEL NIE MEER

Twyfel nie meer,
vertrou Jahweh,
Hy stel ons nooit teleur,
al is ons nood
ook nog so groot,
Jahshua help altyddeur!

KOOR

*Sing, sing, sing
as die sonskyn lag.
Sing, sing, sing
deur die donker nag.
Waar ons gaan, sit of staan
laat ons sing, sing, sing!*

179. U GOEDERTIERENHEID

U Goedertierenheid
oortref die lewe,
U Liefdesdade is
wonderbaar!
My lippe prys U,
so bring ek lof aan U,
U Goedertierenheid
oortref alles Jah.

180. U GOEDHEID, JAH

U goedheid, Jah,
kan ons nie peil nie

wie word daardeur
nie diep getref!
Niks anders bring
vir ons die heil nie,
ons wil ons hart tot U verhef
Aan U alleen ons dank en ere
dit sal ons lus, ons lied hier bly!
U sal ons nooit
vergeet nie, Jahweh;
U wil ons in U Waarheid lei.

Sou ek, Jahweh, U nie
vereer nie,
sou ek U Goedheid nie
verstaan?
Sou U my raad gee
ek nie leer nie,
die Weg wat U my wys
nie gaan?
Nee, Jah, U rig my wil
en strewe;
U Woord bly my gedurig by.
Vul met U Liefde ook my lewe
om my in alles U te wy!

181. U HET DIE BROOD GEBREEK

U het die Brood gebreek,
eens by die meer.
Breek nou die Lewensbrood
vir My ook, Jah.
Wil steeds U Waarheid
meer aan My ontvou,
tot Ek ook in U Woord,
U Lig aanskou.

U is die Lewensbrood,
Heiland vir my.
U is die Waarheid, Jah,
U maak my vry!
U Beeld straal uit die Skrif
so helder voort.
U min ek Jah, U self,
o Lewend' Woord.

Soos wat U Gees ons
lei, wil ons U dien
met Krag en Liefde
deur U self voorsien.
Waar ons gelowig volg,
waar U ook lei,
doen ons die goeie
werk, deur U berei.

182. U IS ALFA OMEGA

U is die Alfa Omega,
U is die magtige JaH,
U is ons Elohim,
U is ons Vredevors,
Ons wil U lofsange bring.
U is die Magtige,
U is die Eerbare,
U is die grootste Koning.
**Ons bring aan U die eer
JaHWeH - HalleluJah,
U word die loflied gebring
(x2)**

U is ons Redder en Heiland
U is ons Wysheid en Krag.
U is Immanuel,
U is die sterke El.
Ons wil U lofsange bring.
U is die Lam van El,
Losser van JisraEl.
U is die Roos van Saron.
**Maak groot die Naam
van Hom,
Jahweh, HalleluJah,
U word die loflied gebring.
(x2)**

183. U IS WAARDIG

U is waardig
om die Boek te neem
en sy seëls oop te maak,
want U het ons
met U Bloed gekoop
uit elke stam en volk en taal

KOOR

*HalleluJah, HalleluJah,
duur gekoop
deur Jahshua's Bloed.
HalleluJah, HalleluJah,
(want ons is)
duur gekoop
deur Jahshua's Bloed.*

184. U LIEFDE (Sing 4x)

**U Liefde het my opgewek
tot die Lewe in U! (x2)**
Vir U Liefde, Jahshua,
sê ek dankie, Jahshua.
Dankie dat U my dra
HalleluJah!

185. U'S DIE WEG

***U's die Weg en die Waarheid en die Lewe* (x2)**

Niemand kom na die Vader behalwe deur U.

U's die Weg en die Waarheid en die Lewe.

***U's die Wynstok en ons is die lote* (x2)**

Daarom sal ons kan vrug dra, as ons in U bly.

U's die Wynstok en ons is die lote.

***U's die Herder en ons is die skape* (x2)**

Ons sal U stem ken, Jahshua, en U volg, amen!

U's die Herder en ons is die skape.

186. U WIL GESKIED

My El, My Vader,
U Lig bestraal.
Ons sal U kinders
uit duister haal,
lei met 'n blye hart
in Geestestaal:

KOOR *U wil geskied* (x2)

So op my baan, sal ek dan juig.
Hoe soet U Liefde,
my hart getuig
waar in U Rus
ek dan neerbuig.

KOOR

Skenk my U Wysheid
van dag tot dag,
dat ek met hernieude Krag
geheel U sin en wil betrag

KOOR

Eens met verlostes
voor U Troon
wanneer ek in die Hemel woon,
sing ek met blyer, voller toon.

KOOR (x2)

187. UIT DIEPTES

Uit dieptes gans verlore,
van redding ver vandaan
waar hoop se laaste spore
in wanhoop my vergaan.
Uit diep van donker nagte
roep ek, o, Jahweh hoor,
en laat my jammerklagte
tog opklim in U oor!

As U, Jahweh, die sonde
na reg wou gadeslaan.
Wie sou een enk'le stonde
voor U, Jahweh, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing
altyd by U gewees;
daarom word U met bewing
reg kinderlik gevrees.

Soos een wat op die mure
as wagter uitgestel,
gedurig deur die ure
met sy gedagte tel
so wag my siel, en sterker,
gedurig op Jahweh
tot Hy, die Ligbewerker,
die nag in daagraad keer.

Hoop, Israel in jou klagte;
vertrou, o Volk wat treur.
Sy guns verduur die nagte,
Sy Heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede,
gans Israel word vry
van ongeregthede.
Jah, doen ook so aan my!

188. VADER, ONTVANG MY LIEFDE

Vader, ontvang my Liefde
Ek gee myself nou aan U.
U, U is my Alles! Ek min U

(Vervang '**ek/my**' met '**ons**')

189. VADER SEËN ONS

Vader seën ons,
Hy behoed ons.
Hy laat skyn
Sy aangesig oor ons!
Sy genade en Sy Vrede
is ons deel.
Ja, Hy verhef
Sy aangesig oor ons.

(Vervang '**ons**' met '**jou /my**')

190. VERBLY JULLE IN JAHWEH

***Verbly julle in Jahweh,
o, Israel wees bly!* (x2)**

KOOR (x2) *Wees bly! Wees bly! O, volk van Jah wees bly!*

Verheug jul in jul Losser,
o, Israel wees bly!
Kom prys Hom in jul lof,
o, Israel wees bly!

KOOR

Hef op julle hande
van vreugde,
o, Israel wees bly!
Verkondig al Sy deugde,
o, Israel wees bly!

KOOR

191. VERLUSTIG JOU IN HOM

Verlustig jou in Hom
en Hy sal jou gee
die begeertes van jou hart
verlustig jou in Hom!
Laat jou weg aan Jahweh oor
En vertrou net op Hom
en Hy sal dit uitvoer.
Vertrou net op Hom.

192. VIR U IS MY LIED

Vir U is my lied
en my vreugde,
U is my Vader, Jahweh.
Ek wy my aan U gedurig
U wil ek hulde bring.

U is my Krag en my Sterkte
U is my Rots en my Vesting.
U wil ek min al my lewe,
U wil ek lof toebring.

193. VOORWAARTS JISRAEL STRYDERS

Voorwaarts, Jisrael-stryders
Voorwaarts om te stry.
Laat die mag van duister
ons nie onderkry.
Jahweh onse Koning
voer Sy leër aan.
Laat die vaandel
met Sy Naam
op die slagveld gaan.

KOOR

*Voorwaarts, Jisrael-stryders!
Voorwaarts om te stry,
laat die stryd van Jahshua
ons beskutting bly.*

Soos 'n sterke krygsmag
gaan Jahs volk vooruit.
By die mart'laar skare
het ons aangesluit.
Een wil ons in strewe,
in gemeenskap wees.
In geloof en broederliefde,
hoopvol, sonder vrees.

KOOR

Voorwaarts, dan
getroues,
saam een blye skaar.
So word al ons liefde
aan Hom opgedra.
Glorie, roem en ere,
wil ons Jahshua bring.
In geloof en broederliefde,
hoopvol, sonder vrees.

KOOR

194. VRUGTE VAN DIE GEES

Liefde kom van Bo (x2)
Liefde is die vrugte
van die Gees van Jahweh
Liefde kom van Bo!

Blydskap kom van Bo (x2)
Blydskap is die vrugte
van die Gees van Jahweh.
Blydskap kom van Bo!

Vrede kom van Bo (x2)
Vrede is die vrugte
van die Gees van Jahweh.
Vrede kom van Bo!

Goedheid kom van Bo (x2)
Goedheid is die vrugte
van die Gees van Jahweh.
Goedheid kom van Bo!

Lofprys dan na Bo (x2)
Hef die hande op na
Jahweh, onse Koning!
Lofprys dan na Bo!

195. WAT 'n VRIEND

Wat 'n Vriend
het ons in Jahshua,
Hy wat in ons plek wil staan
Wat 'n voorreg om gedurig
tot Jahs Troon
deur Hom te gaan!
Nêrens is 'n Vriend getrouer
as Hy wat Jahshua heet.
Vul ons met U Liefdesgees
Jah, en oordek ons
met U Kleed.

As versoeking en beproewing
of as kwelling ons bedreig,
laat ons nooit
mismoedig word nie,
laat ons bedes opwaarts styg.
Nêrens is 'n vriend getrouer
As Hy wat al ons node weet
Jahshua voel met
al ons swakheid,
En wil deel in al ons leed.

196. WEES STIL EN WEET

Wees stil en weet:
Ek is Jahweh
Ek spreek en wind
en golwe bedaar.
Ek sal ook jou getrou bewaar

Vertrou en weet:
Ek is Jahweh.
Met Liefde vervul
sal elk' siel by My wees.
Vertrou My en volg
My Woord en Gees.

197. WIE SAL ONS SKEI

Wie sal ons skei van Sy
Liefde?
Verdrukking, vervolging
of swaard?
Maar in al hierdie dinge
is ons meer as oorwinnaars
Geen dood of lewe
kan ons skei

198. BLY BY MY JAH

Bly by my Jah,
terwyl die skadus daal;
laat tans U Lig my
lewenspad bestraal!
Daar is geen ander
hulp of troos vir my
Hulp van die hulpelose,
staan my by!

U wat ons nooit
verlaat nie, goeie Jah,
weet om met swakke
mense te verkeer;
U is geduldig,
en met medely',
bly U Jahweh, in nood
ons trou naby.

U bystand is so
kosbaar elke uur;
deur U genade
leer ons leed verduur.
Waar is daar ooit
'n beter Lig te kry?
U Gees bly immer
ons onfeilbaar by.

199. EK BRING MY BEKER

Ek bring my beker
Kom vul dit Jahweh,
kom en vul dit
Met wat U wil gee.
Ek is dorstig,
meer as wat ek kan verdra.
Kom nou Jah, kom ek
vra U nog eens meer.

200. EK HET DIE BESTE VRIEND

Ek het die beste Vriend,
Jahshua is myn,
Sy Liefd' is onverdiend,
Jahshua is myn.
Wyk van my wêreldsgoed
daar's rus in my gemoed.
Vrede deur
Jahshua's Bloed
Jahshua is myn!

201. GEBED

Laat my nooit
U grond verlaat nie,
laat my in U skadu bly.
Gee dat elke aardse
vreugde en vrees,
eindelik nietig word vir my.
Elke afdraai-paadjie ken ek
elke keer het Ek gedwaal.
Elke keer het U my
iewers kom haal,
maak dit Jah die laaste maal

Elke dag is 'n gedagte,
elke kamer net gehuur.
Elke aardse droom van
rykdom en roem,
net 'n skadu teen die muur
Wat ek is, is net genade,
wat ek het, is net geleen.
Eintlik smag ek
na U Waters van Rus,
lei my Jah vanaand daarheen.

Wat ek is, is net genade,
wat ek het, is net geleen.
Eintlik smag ek
na U Waters van Rus,
**lei my Jah
vanaand daarheen. (x2)**

202. GEE MY OLIE (A/E)

Gee my olie in my lamp,
hou my brandend,
brandend, brandend.
Gee my olie in my lamp, ek bid.
Gee my olie in my lamp,
hou my brandend,
brandend, brandend,
hou my brandend
tot die dag aanbreek.
(Sing JaHshanna)

Sing JaHshanna (x2)

Sing JaHshanna
tot die dag aanbreek.

Sing JaHshanna (x2)

Sing JaHshanna tot Jahweh.

203. GIVE ME OIL (A/E)

Give me oil in my lamp
keep me burning,
burning, burning.
Give me oil in my lamp, I pray.
Give me oil in my lamp
Keep me burning,
burning, burning,
keep me burning till the
break of day.
(Sing JaHshanna!)

Sing JaHshanna. (x2)

Sing JaHshanna
to the King of Kings.

Sing JaHshanna. (x2)

Sing JaHshanna
To our King

204. GESEËNDE JAHSHUA

Geseënde Jahshua,
o El van my hart.
U krag tot genesing,
dit soek ek met smart;
verbreek ieder afgod,
verban alle vrees.
O, was my en witter
as sneeu sal ek wees.

KOOR

*Witter as sneeu,
ja witter as sneeu.
O, was my en witter
as sneeu sal ek wees.*

Geseënde Jahshua,
U Priesterlik' bloed,
wis uit elke smet
van my sondig' gemoed.
U wil slegs wat rein is,
wil my dan genees.
O was my en witter
as sneeu sal ek wees.

KOOR

Geseënde Jahshua,
op wie ek vertrou,
ek wag aan U voete,
slegs U kan behou!
U bloed is my anker,
die steun van my gees.
O, was my en witter
as sneeu sal ek wees.

KOOR

205. HOE SAL IN SY JEUG (Wysie: Wat 'n Vriend)

Hoe sal in sy jeug
die jong'ling,
gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë,
as hy wandel in U spoor.
U soek ek van ganser harte
Jah, hou U my hande vas,
dat ek van U spoor
nie dwaal nie en
Die kwaad my nie verras.

Laat op my U mededoë,
neervloei soos 'n sagte dou.
Sodat ek die regte lewe
in U vrese kan behou.
Smaad die trotsaards
wat hardvogtig,
sware druk op my laat daal,
omdat ek hul ore hinder,
as ek van U wet verhaal.

Jah ek is 'n skaap verlore,
in die wildernis verdwaal.
U my Jah en Herder bid ek
dat U my tog wil kom haal.
Soek my, bring my
weer U dienaar
wat in al sy harteleed,
En in al sy teenhede,
U gebooie nie vergeet.

206. HOU U MY HAND

Hou U my hand,
ek is so swak, so hulp'loos
ek waag geen tree,
as U nie met my gaan!
Hou U my hand,
want dan, o liewe Heiland,
val vrees vir kwaad
my nie gedurig aan!

Hou U my hand,
en trek my daaglik nader,
ja, nader by Uself,
my hoop, my al!
Hou U my hand,
sodat ek nimmer dwaal nie
en as ek struikel,
laat my tog nie val.

Hou U my hand
die pad is steil en donker
totdat U godd'lik
lig rys voor my oog.
En as ek deur
geloof die glans
gewaar word,
dan styg 'n loflied
uit my hart omhoog.

Hou U my hand
by gindse donker water,
die doodsrivier,
deur U oorbrug vir my
tot eens my siel
in hemelvreugde jubel.
U sterke hand
het veilig deurgelei.

207. JAHWEH, REDDER, GROOT EN MAGTIG

JAHWEH, redder, groot en
magtig
U oorskou ons lewenspad.
In U Liefde en Genade
Het U ook ons hand kom vat.
JAH, U lyding
bring bevryding –
U het ook my hand kom vat.
U het ook my hand kom vat.

U, my Redder, groot en magtig,
U het my ook raakgesien.
Ek is feilbaar, swak, onseker
Tog wil ek U dankbaar dien.

Jahshua Redder
U is Magtig!
Vas kan ek op U vertrou.
Vas kan ek op U vertrou.

Lei my, JAH,
na dié bestemming
in U Woord my opgedra.
Laat my leef en werk
met vreugde
want dit sal volharding vra.
JAH, U lyding bring bevryding
Al ons skuld het U gedra.
Al ons skuld het U gedra.

208. DAAROM

JAHWEH, U is my lewe.
Ek ken U veilige bewaring
elke dag
JAHWEH, U is my Vrede
As die storms om my woed
Met brute krag

KOOR

En as ek val, is U by my
U het betaal en ek is vry!
Daarom sing ek,
Daarom gee ek U my stem
Daarom juig ek saam met
Snaar en instrumente.
Daarom bring ek U my dank,
Sing ek heeldag lank.
Daarom sing ek,
hoor my lied vir U, Jahweh!

JAHWEH, uit U Hande,
Kom net wat mooi is
En wat heilig is vir my.
JAHWEH, U Genade
Het my deur alles heen tot
hierdie dag gelei.

KOOR

209. KEN HOM IN AL JOU WEË

Ken Hom in al jou weë
Ken Hom in al jou weë
Dan sal Hy jou paaie
gelyk maak, gelyk maak,
gelyk maak.
Ken Hom in al jou weë

210. LEWENSSTORME

As die lewensstorme
woedend om jou slaan,
en jy gans ontmoedig vrees
om te vergaan
tel jou seëninge
tel hul een vir een,
en jy sal verbaas wees
wat Jahweh verleen.

KOOR

*Tel jou seëninge
tel hul een vir een,
seëninge jou deur
Jah geskenk!
Tel hul almal,
kyk wat Jah verleen,
en jy sal verbaas wees
Oor wat Jah jou skenk.*

As jy ooit gebuk gaan
onder sorg en pyn,
as die las te swaar word
en jou krag te klein,
tel jou seëninge
dan vlug twyfel heen
en jy sien Sy goedheid
laat jou nooit alleen.

KOOR

Laat dan al die stryd
die las die bange nood,
jou tog nie ontmoedig,
Sy trou is so groot;
tel jou seëninge;
eng'le staan jou by,
bied jou hulp en leiding
na die ander sy.

KOOR

211. DIS GEEN GEHEIM NIE

Dis geen geheim nie,
wat JaH kan doen.
Wat Hy doen vir ander,
doen Hy vir my
Met arms wyd ope,
roep Hy na my
Dis geen geheim nie
wat JaH kan doen.

212. MOET EK GAAN MET LEE HANDE

Moet ek gaan met leë hande,
moet ek so
Jahweh ontmoet?
Nie een dag
aan Hom gewy nie,
niks te offer aan Sy voet?

KOOR:

*Moet ek gaan met leë hande,
moet ek so
Jahweh ontmoet?
Nie een siel
gelei na Jahshua,
niks te offer aan Sy voet?*

Daar's g'n vrees
vir doodse bande,
want my Heiland is getrou;
maar te gaan met leë hande
baar my bittere berou.

KOOR

O, die jare van verkwisting!
Kon ek hulle weer deurleef.
Ek sou hul
my Heiland toewy,
na Sy eer gedurig streef.

KOOR

O, Jah's kinders,
wees tog wakker,
haas u, werk, dit is nog dag!
Smeek en stry
vir kosb're siele.
Eerlank is dit ewig nag!

KOOR

213. OP JOU PAD KOM 'N DAG

Op jou pad kom 'n dag,
as jy Jahweh verwerp.
Waar Sy Gees
jou vir goed sal verlaat.
Jy ontvang en geniet
wat die wêreld jou bied,
maar bereken wat dit
hierna sal baat.

KOOR

*Weet jy wat dit sal kos,
as Jah jou nie verlos?
Al het jy eer
en rykdom behaal?
Jy het nou al miskien reeds
te ver weggedwaal. O, bereken
wat dit hierna sal baat!*

Jy verruil dalk jou hoop,
op 'n toekoms met Hom,
vir plesier se genotvolle maat,
vir aantreklikheid skoon,
deur oortreding vertoon
maar bereken wat dit
hierna sal baat.

KOOR

O, die deur van Jahweh,
is nog oop as jy hoor.
Voor Sy liefde jou ewig verlaat.
Steek jou hand uit na Hom,
fluister: 'Jahweh ek kom'.
En bereken wat dit
hierna sal baat!

KOOR

214. TEMPEL VAN DIE HEIL'GE GEES

*Weet jy nie, weet jy nie
jy is 'n tempel? (x3)
Jy is 'n tempel van die
Heil'ge Gees!*

KOOR

*Vol van lof, vol van krag,
vol van vreugde! (x3)
Ek is 'n tempel van die
Heil'ge Gees.*

*Ja ek weet. Ja ek weet,
ek is 'n tempel. (x3)
Ek is 'n tempel van die
Heil'ge Gees.*

KOOR

*Prys Jahweh, prys Jahweh
ek is 'n tempel (x3)
Ek is 'n tempel van
die Heil'ge Gees!*

KOOR

215. SALIG WIE IN HUL OPREGTHEID

***Wysie: 'Wat 'n vriend
het ons in Jahshua'***

Salig wie in hul opregtheid
wandel in Jahweh se wet,
wie Hom soek
van ganser harte
en op Sy getui'nis let
Salig dié wat in hul wandel
nie op onregspaaie gaan
maar wil wandel op die weë
in Sy Wet vir hul gebaan.

Help Jahweh
dat ek kan lewe;
dan wil ek u Woord bewaar
Laat my oog
aanskou die wonders
wat U wet my openbaar.
Wat besit ek hier op aarde?
Niks is daar wat my behoort
Maar één ding
daarna verlang ek
dis die rykdom
van U Woord.

U Jahweh het my geskape
deur U Goddelike hand
ag herskep my nou
inwendig
en verlig U my verstand.
Al U dienaars sien my lewe
en dit is hul siel 'n vreug
dat my siel op U beloftes
so vrymoedig haar verheug

Tot U roep ek Jah,
verhoor my
en verlos my, maak my trou
dat ek U getuienisse
heel my lewe lank kan hou
Op U Woord
steun my verwagting:
Smôrens by die eerste Lig
is my oë en my hande
en my stem tot U gerig.

216. SIEN JY DIE ONGETELDE SKAAR

Sien jy die ongetelde skaar?
Wat bring hul tog
so bymekaar?
Wat laat hul saamkom
elke dag?
Sê my wat dit beteken mag.
'n Sagte stem roep uit die ry:
'Jahshua van Nasaret
gaan verby'.

KOOR

'n Sagte stem roep uit die ry:
'Jahshua van Nasaret
gaan verby!'

Dis Jahshua
Wat die weg van weë
die doringweg vir ons betree,
die krankes bring hul
uit na Hom,
Hy toon gena' aan doof en
stom, die blinde sien
en juig weer bly:
'Jahshua van
Nasaret gaan verby'.

KOOR

Maar as jy nou Sy stem
nie hoor,
Sy sondaarslied'
jou nie bekoor
dan klink Sy streng
verwyd met reg
Ek het jou nooit
geken, gaan weg!
Te laat roep jy, te laat vir my,
'Jahshua van Nasaret
is verby!'

KOOR

217. U HET GEKOM, IMMANUEL

U het gekom Immanuel,
U volk verlos, U Israel.
Ons was in sonde slawerny
U het gekom,
U maak ons vry!

Wees bly en juig o Israel!
Jah is met ons; Immanuel!
Jahshua, Spruit van Isai,
kom ons U lig en vrede gee!

U was in Betl'hem
eenmaal kind
die herders het
U daar gevind.
Wees bly en juig, o Israel!
Jah is met ons: Immanuel!

U Koning uit die Hemelryk
die wyses het
van vêr kom kyk
Herstel die
Dawid's huis dan weer;
kom ons die Wet
van liefde leer.

Wees bly en juig o Israel!
Jah is met ons Immanuel!
U Vredevoers Immanuel,
U heers oor ons, U Israel!

Ons was in sonde slawerny
nou sal ons ewig by U bly!
Wees bly en juig, o Israel!
Jah is met ons: Immanuel

218. SION MOET NIE TWYFEL

Sion moet nie twyfel,
Sion moet nie vrees,
Die Seën van Jahweh
sal altyd by jou wees.
HY loop voor jou
deur die water,

Sy stap voor jou
in die Gees.
Dogter, moet nie twyfel,
HY sal altyd by jou wees.

219. WAARHEEN PELGRIMS

Mans
Waarheen, pelgrims,
waarheen gaan u,
oog omhoog
en hand aan hand?

Vroue

*Op ons Vorse
se roepstem gaan ons
na ons huis en Vaderland.*

Saam

Vêr oor berge en deur dale
Spoed ons voort
na gindse sale (x2)
aan die saal'ge
hemelstrand

Mans

Storm en duisternis
bedreig u
is u teen gevaar bestand?

Vroue

*Ja, geen vrees
beklem ons harte,
waar ons wandel
aan Jah's hand*

Saam

Jahshua self,
ons troue Stryer,
bly in storm en nag
ons Leier (x2)
na Els' huis in gindse land'.

Mans

Pelgrim, sê tog,
wat verwag u,
As u deel aan daardie strand?

Vroue

*Koningskroon en
priesterkleding,
wag ons uit die Vaderhand.*

Saam

Ons sal met die eng'leskare
EI, die Heil'ge
Ewig-ware (x2)
Dien in daardie hemelland.

Mans

Pelgrim, sê tog,
mag ons ook nou
Met u trek na daardie land?

Vroue

*Ja, wees welkom,
reis dan same oog omhoog
en hand aan hand*

Saam

Jahshua onder engelsange
sal ons, op
ons sielsverlange (x2)
inlei in die Vaderland'.

220. WAGTER OP DIE HEIL'GE MURE

Wagter op die heil'ge mure,
sê my wanneer wyk die nag?
Ag, ons tel die bange ure
tot die skeem'ring
van die dag,
tot verflou die stergeflonker
en verdwyn
die nag se donker,
as die son verrys in glans
luist'ryk aan die hemeltrans.

Ryke seën vloeï al verder,
tot die allerverste strand,
uit die volheid,
troue Herder,
van U liefde, deur U hand
Volk op volk sal tot U nader,
saamstroom in
U poorte, Vader,
neerkniel voor U aangesig,
jubel in U eew'ge Lig!

221. WOON IN MY HART *(Eerste gedeelte stadig, tweede deel vinniger)*

Woon in my hart (x2)
kom woon in
my hart Jahshua.
Kom in vandag,
kom in my hart.
Kom woon in my hart,
Jahshua.

Want daar is

Vreugde in die hart (x3)
Waar Jahshua woon
Want Hy maak ons harte rein
en die sonde het verdwyn.
O daar's vreugde in die hart
waar Jahshua woon

222. DANKIE

Dankie vir elke nuwe môre,
Dankie vir al U weldade.
Dankie dat ek met
al my sorge
net op U kan wag.

Dankie vir elke ware vriend,
Jah, dankie vir liefde
wat ons dring,
Dankie vir elkeen
wat my las dra
en so vreugde bring!

Dankie vir U vergifnis,
Jahweh,
Dankie vir 'n nuwe lied!
Dankie vir U Heil'ge Gees
wat my U Vrede bied!

Dankie dat U my
kragtig steun, Jah,
Dankie dat U my hart versterk.
Dankie dat U die weg
aanwys in liefde onbeperk.

Dankie vir U Woord
van Waarheid,
Dankie dat dit ons pad verlig!
Dankie vir die krag van gebed
wat my weer kan oprig.

Dankie dat U ons lei
in geloof, Jah,
Dankie dat ons deur U oorwin.
Dankie, U bring ons
deur U Liefde as U kinders in.

223. HOE GROOT IS U

JaHWeH ons El',
as ons met stille wyding
bewonder al die werke
van U Hand,
sien ons die maan en ook die
son se skyning,
U krag deur heel ons
uitgestrekte land.

KOOR 1

*Dan juig my siel,
ons Redder en ons El'.
Hoe groot is U, (x2)
Dan juig my siel,
ons Redder en ons El'.
Hoe groot is U,
hoe groot U Naam.*

JaHWeH ons EL',
as ons in eerbied wonder
en al U werke elke dag
aanskou.

Die son en maan, die aarde,
sterre, wolke,
hoe U dit elke dag
so onderhou ...

KOOR 2

*Dan moet ons juig,
ons Redder en ons El'
Hoe groot is U, (x2)
Want deur die hele
skepping klink dit saam;
Hoe lieflik JaH,
U grote Naam!*

En as ons dink,
dat JaH Sy Seun gegee
het om hier te sterf,
kan ons dit skaars verstaan.
Dat aan die hout,
Hy daar vir ons gesterf het,
en so ook ons,
verlos het van verderf.

KOOR 3

*Dan hef my siel
spontaan 'n loflied aan:
Groot is JaHWeH, (x2)
Dan hef my siel
spontaan 'n loflied aan:
want U JaHWeH,
weet ook van my!*

Ons sien die veld, die
bosse, berge, vlaktes,
ons hoor hoe fluister
grasse, stroom en wind.
O JaH, U sorg
vir klein, vir groot,
vir alles en U sorg
dag na dag vir my, U kind.

KOOR 1

U Seun word mens,
in ons gebroke wêreld
kom vestig Hy
Sy Koningsheerskappy.
Hy maak weer reg
wat onreg hier
geskend het,
Hy bring weer hoop
en redding ook vir my!

KOOR 3

224. HERDERS OP DIE OPE VELDE

Herders op die ope velde
het die nag die eng'le-koor
met die blye evangelie
uit die Hemel aangehoor.

KOOR (x2)

***Kom, bring Hom eer,
bring Hom eer,
ere aan JaHWeH Self
in die hoogste Heem'le.***

Met hul harte vol van vreugde
praat hul van die Koningskind:
Herder vir die mens op aarde
wat verdwaaldes soek en vind.

KOOR

225. NET SOOS 'N HERDER

Net soos 'n herder
uittrek met sy skape
en hul laat neerlê
in die veld van milde groen;
met sagte hand
hul lei langs stille waters
so is JaHWeH, so het Hy ook
aan ons gedoen;
Hy laaf ons siel
en lei ons swakke skrede
in vaste spoor van Sy
Geregtighede.

226. SAGGIES EN TEER IS DIE ROEPSTEM

Saggies en teer is die
roepstem van Jahshua
Hy roep vir jou en vir my,
Hy staan en wag
aan die deur van ons harte,
wag daar vir jou en vir my.

KOOR

***Kom tuis, kom tuis
almal wat moeg is, kom tuis
Saggies en teer klink
die roepstem van Jahshua
Hy roep, o JisraEl, kom tuis!***

227. IS HY NIE WONDERBAAR

Is Hy nie wonderbaar,
wonderbaar,
Is Hy nie wonderbaar,
wonderbaar!
Het gesien, het gehoor
wat geskryf staan in Sy Woord.
Is Hy nie wonderbaar,
wonderbaar!

Ja, Hy is wonderbaar,
wonderbaar;
Ja, Hy is wonderbaar,
wonderbaar!
Jahshua red en genees
en Hy skenk ons nog Sy Gees.
Ja, Hy is wonderbaar,
wonderbaar!

228. KOM JISRAEL, KOM SING NOU

Kom JisraEl, kom
sing nou wees vrolik en bly
Ons Losser en Koning
kom ons weer bevry.
Waar JisraEl verstrooid
in die wêreld nog wag,
moet hul steeds in liefde
Jahs Waarheid betrag.

Bly biddend gelowig
op Sy Wonderkrag,
om ons los te maak
van die heiden se mag.
Met magtige helde
oorwinnend en sterk,
kom Hy om Verlossing
vir ons te bewerk.

Kom JisraEl verheug jul
dis vreugde en rus
So lieflik en diep
van Jahs goedheid bewus.
Hy rig en regeer ons
met goeie oorleg.
Die aarde is vol
van Sy Wysheid en reg.

Sy vyande onder
Sy voete gestel.
Die dood word vernietig
want Hy's in bevel

Die wêreld se mag
en gesag moet nou wyk,
want Jahshua is Koning
in Sy Koninkryk!

229. JAHWEH VAN DIE LEËRSKARE!

JaHWeH van die Leërskare
laat U Naam eerbiedig word
Laat U Woord
ons krag vermeerder,
gee ons vreugd'
in hierdie stond.
Laat ons jubel, Hallelu-JaH,
laat ons rein staan
in U Woord.
Laat ons na U Wette wandel
en deur U geseën word.

JaHWeH van die Leërskare
laat ons Koning spoedig kom.
Laat ons bly wees in ons
Losser,
laat die vreugde heers alom.
Stuur ons Krag en Kennis
en Wysheid,
laat ons saam
met Hom regeer.
Laat U volk tans tot U nader,
laat die nuwe lewe kom.

JaHWeH van die Leërskare,
rig U Oog op JisraEl.
Ruk U volk tans weg uit Babel,
trek hul nou uit daardie hel.
Laat ons vry wees van valse
lering,
Wat gemaak is deur die mens.
En getrou U Woord verkondig,
soos bedoel vir JisraEl.

230. OMDAT HY LEEF (A/E)

Omdat Hy leef, sien ons kans
vir môre;
omdat Hy leef, verdwyn ons
vrees
Omdat ons weet, (ja ons weet,)
Hy hou die toekoms
Is die lewe nou die
moeite werd omdat Hy leef.

**231. BECAUSE HE LIVES
(A/E)**

Because He lives
can face tomorrow
Because He lives
All fear is gone
Because I know, yes I know
He holds the future
And life is worth the living Just
because He lives.

232. DOGTER VAN SION

Dogter van Sion, roep dit uit
Sing Jashana, juig verblyd
Kyk, jou Koning, kom na jou
JaH, Verlosser,
Vriend getrou
Dogter van Sion, roep dit uit.
Sing Jashana, juig verblyd

Wonder-baar, Raadsman,
Sterke EL.
Vol ontferming oor ons lot.
Seën die Koning!
Vors wat kom;
Hemel, aarde, huldig Hom.
Wonderbaar, Raadsman,
Sterke EL,
Ewige Vader, Vre-de-vors.

Dogter van Sion,
breek nou uit, Juig vir ewig,
Je-ru - salem!
Mô-re - sterre, jubel saam,
Juig en psalm-sing,
seuns van El.
Ja-sha-na, vir die
Dawid Seun,
Wees geseënd Hy wat kom.

**233. EK IS VERLOS DEUR
DIE BLOED**

Ek is verlos deur die
Bloed van die Lam verlos,
daarom sing ek so bly!
Toe die Gees van JaHWeH,
in my hart inkom,
van blydschap sing ek so bly!

**234. AS MY BEKER VAN
BLYDSKAP OORLOOP**

***As my beker van
blydschap oorloop (x2)***
Dan bid ek maklik heeldag
en ek sing in die nag -
As my beker van
blydschap oorloop!

***As Sy Liefde
my lewe vervul (x2)***
Dan bid ek maklik heeldag
en ek sing in die nag -
As Sy Liefde my lewe
vervul!

**235. KOM ONS DIEN DIE
MEESTER**

Kom ons dien die Meester,
Hy alleen is trou!
Hy't gebring die Trooster,
ook vir my en jou!
Hy het Krag belowe,
vir Sy Jisrael volk,
Krag vir beter lewe,
Krag vir elke dag! [**Herhaal**]

**236. WERK, WANT DIE NAG
KOM NADER**

Werk, want die nag kom nader
Werk in die vroeë dag;
Werk as die dou nog glinster
In die blommeprag!
Werk in die helder môre,
Al is die son ook heet;
Werk, want die nag kom nader
Werkstyd's afgemeet!

Werk, want die nag
kom nader
Werk deur die hele dag!
Vul elke uur met arbeid;
Eenmaal rus ons sag
Laat elke korte oomblik
lets vir hierna bewaar;
Werk, want die nag
kom nader
Dan is werkyd klaar!

Werk, want die nag
kom nader
Ver het die son gedaal!
Werk in die awend-skadu,

Wyl die daglig faal!
Werk in die laaste strale,
